SKAKELING VAN SKOOLVOORLIGTERS MET DIE OPENBARE EN PRIVATE SEKTOR

deur

CORNELIUS ABRAHAM SMIT, BA, HOD, B.Ed

VERHANDELING GOEDGEKEUR VIR DIE GRAAD

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

DEPARTEMENT VOORLIGTING EN ORTOPEDAGOGIEK

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

1990

STUDIELEIER: DR. J.L. MARAIS

" If we lived in a static society in which people could be expected to occupy their proper station in life and remain there; if there were little movement between social classes; if the extended family still remained intact; if there were no technological expansion, only strictly limited career opportunities and no future in striving to better oneself; if it were still thought easy to identify ability and were not expected to measure up to social demands; if the simplistic notions of human nature popular at the end of the nineteenth century and late into the twentieth century could still command credence; if our society were not based on democratic principles and did not depend on the constructive participation of all its members - then it might not be necessary to think of guidance in broader terms".

" At school level the position is too frequently unsatisfactory. Schools are often out of touch with industry, having no knowledge of the work situation and no interest in it".

(HUGHES, 1971)

DANKBETUIGING

By die voltooiing van hierdie studie wil ek graag my opregte dank aan die volgende persone en instansies betuig:

My geagte studieleier, dr. J.L. Marais, vir bekwame en simpatieke leiding. Sy vormende kritiek word hoog gewaardeer.

Die Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement vir toestemming om vraelyste aan sekondêre skole te stuur.

Amptenare van die Transvaalse Onderwysdepartement wat uiters behulpsaam was met die navorsing.

Die PU vir CHO se Departement Rekenaardienste vir die statistiese verwerking van die vraelyste.

Prof. P.D. van der Walt vir die Afrikaanse taalversorging.

Mev. Erna O'Neil vir die netjiese en keurige tikwerk.

Die personeel van Witbank se munisipale biblioteek vir hulle vriendelike hulpvaardigheid.

Skoolvoorligters aan Afrikaansemedium sekondêre skole in Transvaal wat die vraelyste ingevul het. Sonder

hulle vriendelike samewerking sou die ondersoek onmoontlik gewees het.

SOLI DEO GLORIA

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

Tabelle xvi

Bylae xix

Abstract xx

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

1.1 Inleiding 1

1.2 Probleemstelling 2

1.3 Die doel van die navorsing 4

1.4 Metode van die ondersoek 5

1.5 Verloop van die ondersoek 6

1.6 Begripsomskrywing

1.6.1 Openbare sektor 6

1.6.2 Privaatsektor 6

1.7 Samevatting 7

HOOFSTUK 2

DIE AARD, WESE EN DOEL VAN SKOOLVOORLIGTING

2.1 Inleiding 8

2.2 Beginsels van skoolvoorligting 9

2.2.1 Gelyke toegang vir alle leerlinge 9

2.2.2 Eerbiediging van kulturele verskille ... 9

2.2.3 Vryheid van keuse 10

2.2.4 Erkenning van menswaardigheid 10

2.2.5 Samewerking van die kind 11

2.2.6 Doelgerigte program 11

2.2.7 'n Deurlopende handeling 11

2.2.8 Deel van die opvoedingshandeling 12

2.2.9 Opgeleide skoolvoorligteronderwysers ... 12

2.2.10 Registrasie van skoolvoorligters 12

2.2.11 Voortgesette evaluering van voor ligtingsmetodes 13

2.2.12 Skakeling met die openbare en private sektor 14

2.3 Wesenskenmerke van skoolvoorligting 14

2.3.1 Skoolvoorligting is 'n onafhanklike selfstandige vakgebied 14

2.3.2 Skoolvoorligting geskied in die lig van kultuuropvatting 14

2.3.3 Skoolvoorligting berus op 'n bepaalde mensbeskouing 15

2.3.4 Skoolvoorligting geskied in die lig van 'n eie lewensopvatting 15

2.3.5 Skoolvoorligting berus op 'n besondere waardesisteem 16

2.3.6 Skoolvoorligting behels opvoeding tot en voorbereiding vir volwassenheid 16

2.3.7 Skoolvoorligting vereis noodsaaklike voorkennis 17

2.3.8 Skoolvoorligting vereis deskundige opleiding 17

2.3.9 Skoolvoorligting geskied aan die hand van sinvolle kurrikulêre inhoud 18

2.3.10 Skoolvoorligting geskied doelgerig 19

2.3.11 Skoolvoorligting is 'n oorkoepelende aktiwiteit 20

2.3.12 Skoolvoorligting is 'n deurlopende opvoedingshandeling 20

2.3.13 Skoolvoorligting stel die eis van navorsing 20

2.4 Die doelstellings van skoolvoorligting

2.4.1 Inleiding 21

2.4.2 Die doel van persoonlikheidsvoorligting.. 23

2.4.2.1 Steungewing tot selfontdekking en selfbegrip 23

2.4.2.2 Steungewing tot kennis en begrip van die lewenseise 23

2.4.2.3 Steungewing tot selfverwesenliking 23

2.4.2.4 Identifisering en uitskakeling van steuringsfaktor 24

2.4.3 Die doel van opvoedkundige skool= voorligting 24

2.4.3.1 Verskaffing van inligting 24

2.4.3.2 Onderhoudvoering 24

2.4.3.3 Evaluering van die kind 25

2.4.3.4 Oriëntering 25

2.4.4 Die doel van beroepsvoorligting 25

2.5 Die begin- en eindpunt van skoolvoorligting. 27

2.6 Samevatting 28

HOOFSTUK 3

DIE HUIDIGE SKOOLVOORLIGTINGSITUASIE IN TRANSVAALSE SEKONDÊRE SKOLE

3.1 Inleiding 30

3.2 Beroepsvoorligtingprogram in Transvaalse sekondêre skole

3.2.1 'n Analise 30

3.2.2 Opmerking 33

3.2.3 Tyd op die skoolprogram

3.2.3.1 Lesperiodes 33

3.2.3.2 Onderhoudperiodes 34

3.2.3.3 Onderhoude na skoolure 37

3.3 Organisasie en postestruktuur van die skoolsielkundige en voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement 34

3.4 Die personeel betrokke by skoolvoorligting 35

3.4.1 Die Skoolhoof 35

3.4.2 Die Departementshoof: Opvoedkundige leiding (DSO) 36

3.4.3 Die voorligtingonderwyser 37

3.4.4 Die Onderwysadviseur: Loopbaan=aangeleenthede 38

3.5 Huidige skakeling in skoolvoorligting 40

3.5.1 Die "Nova Scotia Approach" 40

3.5.2 Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding 43

3.6 Onderwysbeleid en skakeling met buitestaanders 45

3.7 Beheer oor Onderwys 45

3.8 Bepaalde behoeftes en knelpunte met betrekking tot skoolvoorligting 46

3.8.1 Knelpunte in skoolvoorligting volgens die RGN 46

3.8.1.1 Knelpunte ten opsigte van die organisasie en beheer van skoolvoorligting en die skool 47

3.8.1.2 Knelpunte ten opsigte van die organisasie en beheer van skoolvoor= ligting by die kinderleidingkliniek .. 49

3.8.1.3 Knelpunte ten opsigte van die inspektoraat 49

3.8.2 Ander behoeftes en knelpunte met betrekking tot skoolvoorligting

3.8.2.1 Dagsimposia oor loopbaanontwikkeling . 50

3.8.2.2 Navorsing 51

3.9 Positiewe punte met betrekking tot Skool= voorligting 52

3.9.1 RGN 52

3.9.2 Dagsimposia oor loopbaanontwikkeling ... 52

3.10 Samevatting 53

HOOFSTUK 4

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 Inleiding 55

4.2 Die doel van die ondersoek 55

4.3 Enkele ondersoekmetodes en keuse van die ondersoekmiddel 56

4.3.1 Die voor- en nadele van die persoonlike onderhoud as navorsingsmetode 56

4.3.1.1 Voordele van die persoonlike onderhoud as navorsingsmetode 57

4.3.1.2 Nadele van die persoonlike onderhoud as navorsingsmetode 58

4.3.2 Die voor- en nadele van die vraelys as navorsingsmetode 59

4.3.2.1 Voordele van die vraelys as navorsingsmetode 59

4.3.2.2 Nadele van die vraelys as navorsingsmetode 60

4.3.3 Die vraelys as empiriese navorsingsmetode

4.3.3.1 Inleiding 62

4.3.3.2 Die ontwerp van die vraelys as empiriese navorsingsmetode 62

4.4 Die empiriese ondersoek

4.4.1 Keuse van die proefpersone 70

4.4.2 Studiepopulasie 70

4.4.3 Samestelling van die vraelys

4.4.3.1 Motivering vir en ontwerp van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is 71

4.4.3.2 Keuse van die soort items vir die vraelys 72

4.4.3.3 Eerste redaksie van die vraelys 73

4.4.3.4 Tweede redaksie van die vraelys 76

4.4.3.5 Aspekte van die finale vraelys 77

4.4.3.6 Begeleidende brief 78

4.4.3.7 Opvolgbrief 79

4.4.3.8 Terugontvangste 79

4.5 Samevatting 80

HOOFSTUK 5

AANBIEDING, ONTLEDING EN VERTOLKING VAN DIE VRAELYSANTWOORDE

5.1 Inleiding 81

5.2 Skakeling met die openbare en private sektor 81

5.2.1 Vraag 1 81

5.2.1.1 Ontleding van die antwoorde 82

5.2.2 Vraag 2 82

5.2.2.1 Ontleding van die antwoorde 83

5.2.3 Vraag 3 83

5.2.3.1 Ontleding van die antwoorde 84

5.2.4 Vertolking van die antwoorde op vrae 1 tot 3 84

5.3 Noodsaaklikheid van skakeling van Skool= voorligters met die openbare en private sektor 85

5.3.1 Vraag 4 85

5.3.1.1 Ontleding van die antwoorde 85

5.3.1.2 Vertolking 86

5.3.2 Vraag 5 86

5.3.2.1 Ontleding van die antwoord 87

5.3.2.2 Vertolking 88

5.4 Aard en praktyk van die skakeling met die openbare en private sektor 89

5.4.1 Vraag 6 89

5.4.1.1 Ontleding van die antwoorde 90

5.4.1.2 Vertolking 90

5.4.2 Vraag 7 91

5.4.2.1 Ontleding van die antwoorde 91

5.4.2.2 Vertolking 91

5.4.3 Vraag 8 92

5.4.3.1 Ontleding van die antwoorde 92

5.4.3.2 Vertolking 93

5.4.4 Vraag 9 93

5.4.4.1 Ontleding van die antwoorde 94

5.4.4.2 Vertolking 94

5.4.5 Vraag 10 94

5.4.5.1 Ontleding van die antwoorde 95

5.4.5.2 Vertolking 96

5.4.6 Vraag 11 96

5.4.6.1 Ontleding van die antwoorde 97

5.4.6.2 Vertolking 97

5.4.7 Vraag 12 97

5.4.7.1 Ontleding van die antwoorde 98

5.4.7.2 Vertolking 99

5.4.8 Vraag 13 99

5.4.8.1 Ontleding van die antwoorde 100

5.4.8.2 Vertolking 101

5.5 Waarde van skakeling met die openbare en private sektor 101

5.5.1 Vraag 14 102

5.5.1.1 Ontleding van die antwoorde 102

5.5.1.2 Vertolking 103

5.5.2 Vraag 15 103

5.5.2.1 Ontleding van die antwoorde 104

5.5.2.2 Vertolking 105

5.5.3 Vraag 16 105

5.5.3.1 Ontleding van die antwoorde 106

5.5.3.2 Vertolking 107

5.5.4 Vraag 17 107

5.5.4.1 Ontleding van die antwoorde 108

5.5.4.2 Vertolking 109

5.5.5 Vraag 18 109

5.5.5.1 Ontleding van die antwoorde 110

5.5.5.2 Vertolking 110

5.5.6 Vraag 19 110

5.5.6.1 Ontleding van die antwoorde 111

5.5.6.2 Vertolking 111

5.5.7 Vraag 20 111

5.5.7.1 Ontleding van die antwoorde 112

5.5.7.2 Vertolking 113

5.5.8 Vraag 21 113

5.5.8.1 Ontleding van die antwoorde 114

5.5.8.2 Vertolking 115

5.5.9 Vraag 22 115

5.5.9.1 Ontleding van die antwoorde 116

5.5.9.2 Vertolking 117

5.6 Samevatting 117

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding 118

6.2 Samevatting

6.2.1 Probleemstelling 118

6.2.2 Doel van die ondersoek 119

6.2.3 Begripsomskrywing 119

6.2.4 Beginsels van skoolvoorligting 119

6.2.5 Wesenskenmerke van skoolvoorligting 120

6.2.6 Die doelstellings van skoolvoorligting . 120

6.2.7 Skoolvoorligtingprogram in Transvaalse sekondêre skole 121

6.2.8 Organisasie en postestruktuur van die skoolsielkundige en voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement 122

6.2.9 Die personeel betrokke by skool= voorligting 122

6.2.10 Huidige skakeling in skoolvoorligting . 123

6.2.11 Bepaalde behoeftes en knelpunte asook positiewe punte met betrekking tot skoolvoorligting 123

6.2.12 Doel van die empiriese ondersoek 124

6.2.13 Keuse van die ondersoekmiddel 124

6.2.14 Samestelling van die vraelys 124

6.2.15 Aanbieding, analise en interpretering van die vraelysresponse 125

6.3 Gevolgtrekkings 125

6.3.1 Skoolvoorligtingprogram in Transvaalse sekondêre skole 125

6.3.2 Huidige skakeling in skoolvoorligting .. 126

6.3.3 Onderwysbeleid en skakeling met buitestaanders 126

6.3.4 Bepaalde leemtes en knelpunte met betrekking tot skoolvoorligting 127

6.3.5 Positiewe punte met betrekking tot skoolvoorligting 128

6.3.6 Skakeling met die openbare en private sektor 128

6.3.7 Noodsaaklikheid van skakeling van beroepsvoorligters met die openbare en private sektor 128

6.3.8 Aard en praktyk van skakeling met die openbare en private sektor 129

6.3.9 Waarde van skakeling met die openbare en private sektor 129

6.4 Aanbevelings 130

6.4.1 Hernieude bekendstelling van die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding 130

6.4.2 Besinning deur die Transvaalse Onderwysdepartement 130

6.4.3 Betrokkenheid van die openbare en private sektor 131

6.5 Slotopmerking 131

BRONNELYS 133

TABELLE

BLADSY

5.1: Vraag 1: "Bestaan daar skakeling tussen u skool en die openbare sektor?" 82

5.2: Vraag 2: "Bestaan daar skakeling tussen u skool en die private sektor?" 82

5.3: Vraag 3: "Het u skool skakeling met die private sektor in u plaaslike omgewing?" 83

5.4: Vraag4: "Indien u op vraag 1 en/of 2 en /of 3 "Nee" geantwoord het, meen u dat sodanige skakeling wel noodsaaklik is?" 85

5.5: Vraag 5: "Indien u op vraag 4 "Nee" geant= woord het, dui aan wat die rede daarvoor is." 87

5.6: Vraag 6: "Ontvang u skool inligtingstukke en/of brosjures van die openbare en private sektor?" 89

5.7: Vraag 7: "Ontvang u skool van tyd tot tyd besoekers vanuit die openbare en private sektor om leerlinge voor te lig?" 91

5.8: Vraag 8: "Indien u op vraag 7 "Ja" geantwoord het, op watter basis geskied sodanige besoek?" 92

5.9: Vraag 9: "Reël u skool van tyd tot tyd vir die leerlinge uitstappies of besoeke aan instansies in die openbare en private sektor?" 94

5.10: Vraag 10: "Indien u op vraag 9 "Nee" geant= woord het, dui aan wat die rede daarvoor is." 95

5.11: Vraag 11: "Reël u skool van tyd tot tyd loop= baandae/-uitstallings in samewerking met die openbare en private sektor?" 97

5.12: Vraag 12: "Indien u op vraag 11 "Nee" geant= woord het, dui aan wat die rede daarvoor is." 98

5.13: Vraag 13: "Indien u op vraag 9 en 11 "Ja" ge= antwoord het, dui aan op wie se inisiatief die besoeke aan instansies in die openbare en private sektor en/of die loopbaanuitstalling met die openbare en private sektor gereël is." 100

5.14: Vraag 14: "Beskou u as skoolvoorligter die gehalte van u skool se skakeling met die openbare en private sektor as baie goed, goed, bevredigend of swak?" 102

5.15: Vraag 15: "Indien u op vraag 14 "Baie goed" of "Goed" geantwoord het, dui aan wat u as die belangrikste rede vir sodanige skakeling beskou." 103

5.16: Vraag 16: "Is u van mening dat die skakeling van die skool met die openbare en private sektor leerlinge beter toerus om verantwoord= bare beroepskeuses uit te oefen?" 105

5.17: Vraag 17: "Is u van mening dat skakeling met die openbare en private sektor die kwaliteit van beroepsvoorligting aan leerlinge verhoog?" 107

5.18: Vraag 18: "Is u bewus van die werksaamhede van die Komitee vir die koördinering van beroepsin= ligting en beroepsleiding?" 109

5.19: Vraag 19: "Maak u gebruik van die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding? 110

5.20: Vraag 20: "Indien u op vraag 19 "Nee" geant= woord het, verskaf die rede." 112

BYLAE

BLADSY

A: Vraelys aan skoolvoorligters van Afrikaans=medium sekondêre skole in Transvaal 143

B: Toestemming van die Transvaalse Onderwys=departement om 'n vraelys aan beroepsvoor=ligters van sekondêre skole in Transvaal vir invul te stuur 149

C: Begeleidende brief by vraelyste 150

D: Opvolgbrief aan respondente wat versuim het om die ingevulde vraelys voor die gestelde datum terug te stuur 151

ABSTRACT

Information from symposiums regarding guidance, as well as information from interviews with school guidance personnel, students and other persons concerned, revealed gaps concerning the present school guidance systems.

In this connection the public and private sector can play an important role by revealing the necessary information about the career world to the guidance personnel.

The aim of this investigation serves a double purpose. In the first instance to investigate the liaison between the school guidance personnel of the Transvaal Education Department's secondary schools and the public and private sector from the point of view of the literature.

Secondly an empirical determination of the nature of the connection between career guidance personnel of the Afrikaans medium secondary schools in Transvaal and the public and private sector, as well as to determine what the attitude of school guidance personnel are towards liaison with the public and private sector.

For the purpose of this study, public sector can be defined as the sector where government has partial or total control, whereas in the private sector the government has no direct control.

Personal visits to guidance personnel at secondary schools in Transvaal and the questionnare method were both considered to obtain the necessary information for this study. After thorough consideration, the decision fell upon the questionnaire method. Questionnaires were therefore sent to all Afrikaans medium secondary schools in Transvaal.

RECOMMENDATIONS

The following are recommended, bearing the findings of the study in mind:

1. RENEWED INTRODUCTION OF THE COMMITTEE FOR COORDINATION OF CAREER INFORMATION AND CAREER GUIDANCE.

   The following recommendations about the function of the above mentioned committee can be made :

1.1 the private sector must be accomodated in this committee,

1.2 this committee must be actively involved in a promotion campaign.

2. RESTRUCTURING OF THE EDUCATION POLICY BY THE TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

   This study revealed that a number of school guidance personnel did not liaise with the public and private

sector due to the Transvaal Education Department's policy. The following are recommended:

2.1 the Education Department's policy about outsiders must be clearly formulated and published to all persons involved,

2.2 free admission by representatives of the public and private sector to schools,

2.3 visiting of career displays and information days by pupils during school hours,

2.4 partnership between the Transvaal Education Department and the public and private sector to be emphasized to the pupils and to improve contact between the Education Department and the public and private sector.

3. INVOLVEMENT OF THE PUBLIC AND PRIVATE SECTOR

Liaison is the result of the initiative from the schools while they experience shortages of funds, time limits, transport problems and long distances. It is therefore recommended that the public and private sector will visit schools on their own initiative.

FINAL REMARKS

There is a definite need for liaison between school guidance personnel and the public and private sector. This study emphasizes the results of the HRC's Study Committee: Guidance (1981) and as such the findings of this study are closely related with the findings and recommendations of the HRC's Study Committee.

The quality of school guidance will be improved by liaison and this will improve the pupils' ability to make responsible career choices. It is therefore of the utmost importance for all partners in the school guidance programme to work closely together and to liaise more effectively.

HOOFSTUK 1

PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

1.1 Inleiding

Sedert 1973 is die verskillende blanke-onderwysdepartemente in die Republiek van Suid-Afrika besig om 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys te implementeer.

"*Die basis waarop hierdie stelsel berus, is onder meer om gepaste voorligting aan leerlinge te gee met betrekking tot onderwys- en beroepskeuses wat in ooreenstemming met hulle persoonlike aanleg en belangstelling, en met inagneming van die mannekragbehoeftes van die land, gedoen moet word*" (Kruger,1980:2; 1987:2; Marais,1988:1(a); RGN,1978:1).

Selfkennis en beroepskennis is noodsaaklik vir 'n jeugdige om tot 'n verantwoordbare beroepskeuse te kom. As gevolg van die ingewikkelde en uitgebreide beroepswêreld van die moderne eeu het beroepskeusemaking gekompliseerd geraak (Jacobs,1985:11; Kenneke,1973:20; Liebetrau,1987:49; Marais,1988:347(b); RGN,1984:140; Thompson,1973:183; Venter,1988:2). In die skoolvoorligtingsituasie (teorie) word dit van die skoolvoorligter verwag om kennis (inligting) in verband met die beroepswêreld (praktyk) so sinvol en praktykgerig moontlik aan die leerling oor te dra. Om sinvolle en praktykgerigte inligting oor te dra, verg deeglike voorbereiding van die skoolvoorligter asook deeglike kennis en studie deur die leerlinge ten opsigte

van loopbaanmoontlikhede. Indien die skoolvoorligter nie daarin slaag om die beroepswerklikheid en beroepsmoontlikhede aan die leerlinge bekend te stel nie, kan leerlinge tot verkeerde beroepskeuses kom, wat onder meer aanleiding gee tot persoonlike sowel as mannekragprobleme (Kruger,1987:4; Liebetrau,1983:13; Marais,1988:345(b); Richter-Higgens & Watt,1984:18; RGN, 1984:140).

1.2 Probleemstelling

Na aanleiding van gesprekke met skoolvoorligters, studente en ander betrokkenes sowel as na aanleiding van simposia in hierdie verband, is die aanduiding dat daar tans groot leemtes in die huidige skoolvoorligtingstelsel bestaan. So is daar onder andere groot leemtes ten opsigte van beroepsinligtingbiblioteke, oudiovisuele hulpmiddels en besoeke aan werksplekke (Joubert in Liebetrau et al., 1987:31; Lampbrecht,1986:2; RGN,1984:142; Visser,1981:21).

Elke sekondêre skool, ongeag die grootte van die skool, behoort oor 'n beroepsinligtingbiblioteek te beskik waarin onder meer die beroepsinligtingleerstelsel, beroeps= inligtingindeks, inligting oor opleidingsgeleenthede (sekondêr, tersiêr en indiensopleiding), brosjures, plate en bandopnames gehuisves kan word. Volgens die RGN (1984:143) het slegs 27,6% respondente uit 'n geselekteerde ondersoekgroep aangedui dat daar ten volle voorsiening gemaak word vir sodanige biblioteke.

Oudiovisuele hulpmiddels kan 'n belangrike rol speel in die beskikbaarstelling van beroepsinligting aan leerlinge (byvoorbeeld films, bandopnames, plate en transparante oor beroepe en opleidingsmoontlikhede). Die RGN se ondersoek in die verband het bevind dat oudiovisuele hulpmiddels in die meeste gevalle slegs gedeeltelik (46,8%) aan skole verskaf word of glad nie (23%) (RGN, 1984:144,145).

'n Ander praktiese wyse om leerlinge te help om relevante beroepsinligting te bekom, is om geleenthede te skep waar leerlinge verskillende werksplekke kan besoek, om met werkgewers of persone wat in die beroep werksaam is, gesprek te kan voer en/of loopbaanuitstallings by te woon. Die RGN het in hierdie verband bevind dat (met enkele uitsonderings - veral in die Kaap en Transvaal) sodanige geleenthede wel vir leerlinge geskep word (RGN,1984:143).

Die nood aan praktykgerigte beroepsvoorligting is waarskynlik vandag groter as wat dit nog ooit in die geskiedenis was. Volgens Lampbrecht (1986:2) kan dit aan toenemende onderwys- en opleidingsgeleenthede asook die geweldige toename in beroepsgeleenthede toegeskryf word. Die wyse van beroepsbeoefening het die afgelope aantal dekades aansienlik verander. Beroepe het ook toenemend gespesialiseerd geraak. 'n Belangrike gevolg is dat verwydering tussen die beroepsvoorligting op skool en die praktykbehoeftes ingetree het (Hughes,1971:20; Jacobs,1988:41).

Omdat toekomsbeplanning vanuit diverse samelewingskringe moet geskied, het 'n interdissiplinêre benadering in skoolvoorligting 'n noodsaaklikheid geword. Samewerking tussen verskillende voorligtingsdienste, byvoorbeeld opleidingsinstansies, die RGN, NIPN en die Departement van Mannekrag, werkgewers en in die besonder die privaatsektor, groot en klein, behoort voorrang te geniet (Richter-Higgins & Watt,1984:22). Tans is daar egter baie min indien enige vorm van gekoördineerde samewerking tussen hierdie instansies (Visser,1981:2).

Genoemde leemtes sal opgehef moet word sodat voorligting in skole tot sy reg kan kom. In hierdie verband kan die openbare en private sektor 'n belangrike bydrae lewer. Na aanleiding van die voorafgaande beredenering blyk dit dat die skoolvoorligter se taak omvangryk is en dat hy nie altyd tred kan hou met die beroepseise van die dag nie. Dit is moontlik dat die openbare en private sektor kan meewerk in die realisering van hierdie eise deur noodsaaklike en resente inligting uit die beroepswêreld aan die skoolvoorligter beskikbaar te stel. Hierdie inligting sal nie net die skoolvoorligter se taak aansienlik vergemaklik nie maar ook bydra tot doeltreffender voorligting in sekondêre skole in Transvaal.

1.3 Die doel van die navorsing

Die ondersoek het ten doel:

1.3.1 om die aard, wese en doel van skoolvoorligting vanuit die literatuur te begrond;

1.3.2 om skakeling tussen skoolvoorligters aan sekondêre skole en die openbare en private sektor vanuit die literatuur te ondersoek;

1.3.3 om empiries te bepaal wat die aard van skakeling tussen skoolvoorligters aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal en die private en openbare sektor is.

1.4 Metode van ondersoek

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek. 'n Literatuurstudie sal onderneem word om die aard, wese en doel van skoolvoorligting vanuit die literatuur te begrond en om op hoogte te kom van vorige navorsing rakende skakeling van skoolvoorligters met die openbare en private sektor sodat algemene tendense gevind kan word as riglyne vir die empiriese ondersoek.

'n Empiriese ondersoek behels die volgende:

Die samestelling en afneem van 'n vraelys om inligting oor skakeling van skoolvoorligters aan Transvaalse sekondêre skole met die openbare en private sektor te bekom.

Die vraelysresponse sal met behulp van die SAS-rekenaarprogram verwerk word (kyk hoofstuk 4).

Op grond van die resultate sal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word (hoofstukke 5 en 6).

1.5 Verloop van die ondersoek

In hoofstuk 1 word die probleem bespreek en 'n begripsomskrywing van die tersaaklike begrippe gegee. In hoofstuk 2 word die aard, wese en doel van skoolvoorligting onder die loep geneem. 'n Analise van die huidige skoolvoorligtingsituasie in Transvaal in soverre dit beroepsvoorligting raak word in hoofstuk 3 gedoen, terwyl 'n empiriese ondersoek in hoofstuk 4 aan die orde kom. In hoofstuk 5 word die bevindinge van die ondersoek bespreek, en enkele aanbevelings word in hoofstuk 6 aangebied.

1.6 Begripsomskrywing

1.6.1 Openbare sektor

Die openbare sektor is daardie sektor waar die staat/owerheid ten volle of gedeeltelik beheer (oor fondse) uitoefen (Schutte,1986).

1.6.2 Privaatsektor

Die privaatsektor is daardie sektor waar die staat/owerheid geen direkte beheer (oor fondse) het nie (Schutte,1986).

1.7 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die probleemstelling, doel, metode en verloop van die ondersoek toegelig en die begrippe openbare sektor en privaatsektor verklaar.

In hoofstuk 2 word die aard, wese en doel van skool= voorligting bespreek.

HOOFSTUK 2

DIE AARD, WESE EN DOEL VAN SKOOLVOORLIGTING

2.1 Inleiding

Die uiteindelike doel met voorligting op skool is om leerlinge in die lig van hulle persoonsmoontlikhede tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare onderwys- (skool-, vak- en studierigtingkeuse) en beroepskeuse te begelei. Dit is van die belangrikste en mees beslissende, maar ook van die moeilikste keuses wat van leerlinge verwag word. Derhalwe is dit noodsaaklik dat die voorligtingsdiens wat aan leerlinge gebied word, op 'n uiters bekwame en verantwoordelike wyse hanteer moet word. Dit is slegs moontlik as die skoolvoorligter wat hom aan die praktyk van skoolvoorligting wil waag, deeglik rekenskap kan gee van die wetenskap wat sy praktyk ten grondslag lê (RGN, 1981:12).

Die RGN aanvaar dat skoolvoorligting 'n praktyk en 'n proses is waardeur die leerling op so 'n wyse in aanraking gebring word met die realiteite van die leefwêreld dat hy vaardighede en tegnieke aanleer waardeur hy homself met gemak binne die opvoedkundige, persoonlike en sosiale sfeer en die arbeidswêreld kan handhaaf (Liebetrau,red.1988:6; RGN,1981:6).

Waar hierdie studie die skakeling van skoolvoorligters met die openbare en private sektor ten doel het en

skoolvoorligting op bepaalde beginsels en uitgangspunte berus, kan 'n volledige beskouïng van die onderwerp nie tot sy reg kom alvorens daar ook na die grondliggende beginsels, wesenskenmerke en doelstellings van skoolvoorligting gekyk word nie.

2.2 Beginsels van skoolvoorligting

Uit die aard van die omvangryke taak van skoolvoorligting, is dit noodsaaklik dat sekere beginsels gestel word.

2.2.1 Gelyke toegang vir alle leerlinge

Skoolvoorligting as opvoedingshandeling is die voorreg van alle leerlinge en nie slegs van die met probleme of besondere eienskappe nie (Hughes,1971: 140; Kruger, 1980:10; 1987:19; Pietrofesa et al,1980:19). Die staat sal dan ook poog om te verseker dat elke leerling gelyke toegang het tot 'n skoolvoorligtingsprogram van gelyke gehalte (RGN,1981:9).

2.2.2 Eerbiediging van kulturele verskille

Die beginsel van gelyke toegang vir alle leerlinge impliseer dat dit van toepassing is op verskillende kulture en gemeenskappe. Die waardes van hierdie verskillende kulture en gemeenskappe moet in die skoolvoorligtingprogram oorweeg en dusdanig eerbiedig word (Pietrofesa et al.,1980:22; RGN,1981:10). Dit beteken dat daar in die skoolvoorligtingleerplan ruimte gelaat moet word vir keuse,

interpretasie en aanvulling van die leerplan volgens kulturele behoefte (Joubert in Liebetrau et al.,1987:35).

2.2.3 Vryheid van keuse

Kragtens die vryheid van die mens het hy die reg om self keuses te maak waar daar meer as een moontlikheid is om van te kies (Kruger, 1987:18). Skoolvoorligting moet hierdie vryheid van leerlinge en hul ouers met betrekking tot onderwys- en beroepskeuse op 'n positiewe wyse erken. "Vryheid van keuse" beteken dat daar inderdaad 'n werklike keuse moet bestaan. Die enigste beperking op keuse behoort die te wees wat uit die leerling se eie vermoë (potensiaal) en aanleg spruit (Pietrofesa et al.,1980:22; RGN, 1981:10).

2.2.4 Erkenning van menswaardigheid

Alle vorms van gedifferensieerde onderwys berus op die beginsel dat mense van mekaar verskil ten opsigte van 'n groot verskeidenheid eienskappe en dat elke mens uniek is. Een van die basiese beginsels van skoolvoorligting is dat dit as taak het om individuele verskille te identifiseer en elke kind daarvolgens van diens te wees (Kruger,1987:17). Die skoolvoorligter moet in sy skoolvoorligtingswerk altyd die kind met waardigheid bejeën. Die basis van enige skoolvoorligting is wedersydse vertroue en respek (Kruger,1980:11). Skoolvoorligting behoort die individuele behoeftes en uniekheid van elke leerling op 'n opvoedkundig-verantwoordelike wyse te erken, te aanvaar en

in aanmerking te neem (Pietrofesa et al.,1980:19; Shertzer & Stone,1981,soos aangehaal deur Gothard,1987:14).

2.2.5 Samewerking van die kind

Skoolvoorligting is gebaseer op samewerking - beslis nie op dwang nie. Met ander woorde, dit is 'n aktiwiteit/proses wat gebaseer is op wedersydse vertroue. Ter wille van die selfontwikkeling van die kind is aktiewe deelname van die kind ten opsigte van die skoolvoorligtingprogram 'n onmisbare voorvereiste (Pietrofesa et al.,1980:19,20; Shertzer & Stone,1981,soos aangehaal deur Gothard,1987:14).

2.2.6 Doelgerigte program

Om werklik reg te laat geskied aan elke kind moet voorligting doelgerig plaasvind. Dit is belangrik dat die onderwyser volkome duidelikheid sal hê oor wat met voorligting beoog word en gevolglik ook toekomsgerig te werk sal gaan (Kruger,1980:11; 1987:21; Pietrofesa et al.,1980:22).

2.2.7 'n Deurlopende handeling

Skoolvoorligting is nie 'n opvoedingshandeling wat net in sekere stadiums van die kind se lewe van belang is nie. Baie van die keuses wat die leerling uitoefen en besluite wat hy neem, is gegrond op vorming en inligting wat hy oor 'n lang tydperk ontvang het. Daarby eindig skoolvoorligting ook nie die oomblik wat die kind 'n keuse

gemaak het nie (Hughes,1971:25; Kruger,1980:10; 1987:20; Shertzer & Stone,1976:49).

2.2.8 Deel van die opvoedingshandeling

Die onderwyser moet daarteen waak om nie voorligting as los van sy opvoedingstaak te sien nie. Dit is inderdaad geheel en al daarmee geïntegreer - al word daar spesifieke periodes vir skoolvoorligtingswerk opsy gesit (Hughes,1971:26; Kruger,1980:11; 1987:21).

2.2.9 Opgeleide skoolvoorligteronderwysers

Die skoolvoorligteronderwyser behoort 'n opgeleide persoon te wees, dit wil sê iemand wat akademies en professioneel opgelei is vir skoolvoorligting (Kruger,1987:50). Die RGN (1981:10) stel dit dat alle onderwysers, uit die aard van hulle betrokkenheid by kinders, voorligtingsopleiding behoort te ontvang.

2.2.10 Registrasie van skoolvoorligters

Die RGN (1984:206) en Marais (1988c:109) beveel aan dat daar dringend aandag gegee word aan die instelling van 'n beroepsraad vir opvoedkunde wat kriteria vir registrasie kan bepaal wat meer in ooreenstemming is met die werklike behoeftes van opvoeding, onderwys en beroepsvoorligting. Die RGN se Werkkomitee: Voorligting het reeds in 1981 (RGN,1981:12) hierdie aanbeveling gedoen. Sodanige registrasie is noodsaaklik om gelykheid in kriteria vir

kwalifikasies te verseker en 'n uitruiling van gekwalifiseerde personeel tussen en binne streke te vergemaklik en sodoende deling van hulpmiddels te verseker.

2.2.11 Voortgesette evaluering van voorligtingsmetodes

Voorligtingsmetodes moet voortdurend deur middel van voortgesette evaluering en navorsing aangesuiwer word. Die kennisontploffing en die toenemende kompleksiteit van die hedendaagse lewe noodsaak voortdurende navorsing. Gereelde indiensopleiding en opgradering van skoolvoorligting= onderwysers is in hierdie beginsel opgesluit (RGN,1981:12; Rogers, 1984:150).

2.2.12 Skakeling met die openbare en private sektor

Uit die aard van hierdie navorsing is dit gepas om skakeling van die skoolvoorligter met die openbare en private sektor as 'n baie belangrike beginsel te stipuleer. Die RGN (1981:10) beskou dit ook as 'n belangrike beginsel. Dit is 'n bekende feit dat die moderne beroepswêreld besonder omvangryk en gespesialiseerd geraak het. Daarom word 'n beroepskeuse vir jeugdiges bemoeilik en is hulle in toenemende mate van deskundige hulp afhanklik (RGN, 1981:154). Deur middel van skakeling kan die openbare en private sektor die skoolvoorligter se taak in die verband baie vergemaklik.

2.3 Wesenskenmerke van skoolvoorligting

'n Aantal wesenskenmerke van voorligting kom uit 'n studie van die betrokke literatuur na vore. Dit word vervolgens uiteengesit.

2.3.1 Skoolvoorligting is 'n onafhanklike selfstandige vakgebied

Skoolvoorligting is 'n selfstandige vak met 'n eie vakterrein en is nie 'n samevoeging van ander vakgebiede nie. Dit beteken dat die inhoude van skoolvoorligting op wetenskaplik verantwoorde en analitiese wyse gefundeer is (Joubert,1985:15; Liebetrau,1987:33; RGN,1984:112). Hiermee word nie te kenne gegee dat ander vakke, byvoorbeeld Opvoedkunde, Psigologie, Sosiologie, Fisiologie ensovoorts, geen betekenis vir voorligting inhou nie. Joubert (1985:16) beklemtoon voorligting se sinvolle samehang met die inhoude van ander vakgebiede. Dit is ongetwyfeld so dat sekere inhoude betekenis het ten opsigte van voorligting, maar dan slegs wanneer sodanige inhoude vanuit 'n skoolvoorligtingsperspektief as 'n selfstandige perspektief 'n sinvolle samehang met skoolvoorligting vertoon en veral tot praktykverbetering daarvan bydra (Liebetrau,1987:33).

2.3.2 Skoolvoorligting geskied in die lig van kultuuropvatting

Elke volk met 'n kultuuridentiteit huldig 'n besondere kultuuropvatting wat steun op godsdienstige en ander

beginsels wat deur besondere kultuurgroepe onderskryf word. Daarom is dit belangrik dat individue van verskillende kultuurgroepe vry moet wees om die wetenskaplike inhoude van skoolvoorligting in te klee volgens die kultuuropvatting van die groep of gemeenskap waartoe hy behoort en om die kultuuropvatting of lewensopvatting wat hulle verkies, te handhaaf en dienooreenkomstig te ontwikkel (Joubert,1985:15; Liebetrau,1987:35; RGN,1981:7; 1984:116).

2.3.3 Skoolvoorligting berus op 'n bepaalde mensbeskouing

In skoolvoorligting moet daar noodwendig gevra word na die mensbeskouing wat die voorligter huldig. Die mensbeskouing van die skoolvoorligter bepaal in die grootste mate sy benadering en behandeling van die kind (Kruger,1987:16). Verder berus voorligting op die belangrike beginsel van die erkenning van individuele verskille en die menswaardigheid en basiese regte van elke persoon (RGN,1984:123).

2.3.4 Skoolvoorligting geskied in die lig van 'n eie lewensopvatting

Skoolvoorligting staan in die allernouste verband met lewensopvatting wat begrond word deur godsdiens en geloofsoortuiging en dien dus as 'n rigtinggewende krag wat 'n besondere leefwyse vereis. Dit is eers wanneer die doelstellings, soos medebepaal deur die lewensbeskoulike opvattings, in voorligting verwerklik word dat die

voorligtingspraktyk tot sinvolle vergestalting kom. Na gelang die godsdiens en geloof verskil, sal die lewensopvatting van 'n persoon of bevolkingsgroep verskil en sal dus ook die doelstellings en aard van die voorligting verskil (Liebetrau,1987:33; RGN,1984: 116).

2.3.5 Skoolvoorligting berus op 'n besondere waardesisteem

Skoolvoorligting berus op 'n besondere waardesisteem, wat onder andere inhou dat elke individu kragtens sy geroepenheid moet werk en dusdanig sy eie vermoëns en die geleenthede wat dit bied, optimaal moet verwerklik. Elke mens behoort 'n positiewe ingesteldheid te openbaar ten aansien van en aanvaarding van die begrensdheid van sy vermoëns. Dit hou ook in dat elke mens diens aan sy medemens en dan veral die persoon in nood moet openbaar en dat elke mens dankbaarheid vir die eie vermoëns en die geleenthede wat dit bied, moet openbaar. Verder bepaal die waardesisteem ook die strewe van die mens om in materiële behoeftes te voorsien sonder om in materialisme te verval (Liebetrau,1987:36; RGN,1984: 124).

2.3.6 Skoolvoorligting behels opvoeding tot en voorbereiding vir volwassenheid

Skoolvoorligting vorm 'n onmisbare en integrale deel van die opvoedingsproses. 'n Aantal kriteria kan vir volwassenheid (einddoel van opvoedingsproses) gestel word, en voorligting behoort daarvoor voorsiening te maak. Volgens Liebetrau (1987:37) hou dit in dat voorligting die

kind moet lei en begelei tot 'n besef dat die lewe en die eie bestaan sinvol is. Die kind moet 'n vermoë tot kritiese selfbeoordeling, selfbegrip en selfverwerkliking ontwikkel asook agting vir ander se menswaardigheid en die beoefening van medemenslikheid. Volwassenheid eis ook die vermoë tot sedelik selfstandige keuse en verantwoordelike handeling en die toe-eiening en verwerkliking van behoorlikheidsnorme binne die volkseie lewensopvatting en kultuuropvatting. Die maak van 'n verantwoordelike beroepskeuse en die verwerwing van 'n verantwoordelike arbeidshouding is nog kriteria vir volwassenheid (Hughes,1971:193; Pietrofesa et al., 1980:22; Shertzer & Stone,1976:48).

2.3.7 Skoolvoorligting vereis noodsaaklike voorkennis

Skoolvoorligting is 'n opvoedkundige en onderwyskundige dissipline wat kennis met betrekking tot differensiasie, toelatingsvereistes, skakeling tussen studie en werk, harmonieuse verhouding tussen algemene voorligting en gespesialiseerde beroepsvoorligting en ander sake insluit. Dit stel 'n eis aan die voorligter om homself voortdurend op die hoogte te hou ten opsigte van ontwikkeling in sy vakgebied (Liebetrau,1987:37; Kruger,1987:12).

2.3.8 Skoolvoorligting vereis deskundige opleiding

Die ideaal is dat die voorligter, net soos sy kollegas in hulle vakke, wetenskaplik opgelei en professioneel toegerus sal wees om die voorligtingprogram met die grootste mate

van sukses aan te bied. Daarvoor het hy die akademiese skoling en professionele afronding nodig wat van hom 'n deskundige maak en hom in staat stel om die metodes en tegnieke van sy vakgebied toe te pas. Vanselfsprekend is die regte persoonlikheidseienskappe 'n noodsaaklike voorwaarde (Joubert,1985:9; Kruger,1978:11; 1987:12,50; RGN,1981: 10).

2.3.9 Skoolvoorligting geskied aan die hand van sinvolle kurrikulêre inhoud

Die kurrikuluminhoud van skoolvoorligting moet wetenskaplik bepaal wees, en dit moet uit die aard van die saak kenmerkend wees van skoolvoorligting as selfstandige vakgebied, nie toegepaste inhoude vanuit ander vakgebiede nie. Dit moet verteenwoordigend wees van die lewensopvatting, godsdiens, geloofsoortuiging en beginsels van die gemeenskap of kultuurgroep waarvoor die inhoud bepaal is, en dit moet kenmerkend wees van 'n besondere mensbeskouïng en waardestruktuur. Die inhoud moet die ervaringsvlak, belewingsvlak en normatiewe vlak van die leerling verhoog. Daarom moet dit binne die gereedheidsvlak van die jeugdige wees, dit wil sê maklik begrypbaar en verwer. Die inhoud moet getrou wees aan die wesenskenmerke van die jeugdige, dit wil sê dit moet dui op wie die kind essensieel is, met die klem op die totale persoonsmoontlikhede wat verwerklik moet word op verskillende lewensterreine. Dit moet geskik wees vir opvoeding tot volwassenheid, met ander woorde dit moet sedelik selfstandige besluitvorming en handeling help verwesenlik en selfbeoordeling, selfbegrip, selfkeuse en

selfverwerkliking moontlik maak. Die inhoud moet verteenwoordigend wees van die hedendaagse lewens= werklikheid. Dit moet die voorkomings-, verkennings-, uitkennings-, hulpverlenings- en verwysingsgebeure verhelder. Dit moet sinvolle samehang vertoon met ander opvoedkundige vakinhoude wat 'n bydrae kan lewer tot volwassewording. Dit moet stabiliteit en die volkshuishouding bevorder, en dit moet rigtinggewend wees ten opsigte van sinvolle voortbestaan. Die kurrikuluminhoud van voorligting moet verteenwoordigend wees van die kengebiede of sinsprinsipes van die mens (Jacobs,1988:27; Joubert, 1985:15; RGN,1984:124).

2.3.10 Skoolvoorligting geskied doelgerig

Die oorkoepelende doel van voorligting is die selforiëntering en selfverwerkliking van elke individu, met besondere klem op selfkennis, outonome keuse en selfaktualisering. Volgens Kruger (1987:21) beteken dit dat die skoolvoorligtingprogram so gereël moet word dat daar tyd ingeruim word vir al die tersaaklike aspekte van die program, byvoorbeeld groepsvoorligting, groepsbesprekings, individuele onderhoude, berading, bronne- en brosjurestudie, verslaghouding, psigometriese werk en onderhoude met ouers (Hughes, 1971:137,140; RGN,1981:8).

2.3.11 Skoolvoorligting is 'n oorkoepelende aktiwiteit

Skoolvoorligting is 'n aktiwiteit waarin leerlinge leer om verantwoordelike besluite in hul daaglikse lewe en met betrekking tot hulle beroepskeuse te neem. Dit behoort die jeug te help om vaardighede aan te leer waarmee hulle toereikend die volwasse lewe in 'n veranderde wêreld, werksituasies en op ander sosiale terreine kan beheers (Kruger,1987:12; Makinde,1984:42; Rogers,1984:48; Shertzer & Stone,1976:38).

2.3.12 Skoolvoorligting is 'n deurlopende opvoedingshandeling

Omdat die kind ontwikkel, opgroei, volwasse word, moet hy deurentyd bygestaan word met leiding en advies. Dit impliseer dat voorligting nie maar sporadies gegee kan word nie, maar dat dit inderdaad 'n deurlopende opvoedingprogram moet wees. Keuses en besluite vind selde op die ingewing van die oomblik plaas - die kind groei as't ware in 'n sekere besluit in op grond van die skoolvoorligting, advies en inligting wat hy ontvang en waaraan hy self ook meewerk (Hughes,1971:113,201; Kruger,1978:11; 1987:20,21).

2.3.13 Skoolvoorligting stel die eis van navorsing

Skoolvoorligting stel die eis van navorsing in samewerking met ander instansies, onder meer die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, die Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing, die Departement van Mannekragbenutting,

opleidingsinrigtings, onderwysdepartemente, werkgewers en ander vakgebiede met verwante inhoude, byvoorbeeld Opvoedkunde, Psigologie, Sosiologie, Ekonomiese en Staatswetenskappe, Regsgeleerdheid, Teologie, en Wysbegeerte (Hughes,1971:73,74; Liebetrau,1987:43; RGN,1981:9). Ten einde genoemde wesenskenmerke te verwesenlik of in werking te stel, vereis die RGN (1981:9) doelgerigte organisasie en beheer van voorligting asook deskundige opleiding van skoolvoorligters en voortgesette navorsing. Daar word ook aanbeveel dat 'n stelsel (infrastruktuur) vir skoolvoorligting binne die onderwysstruktuur op sowel gesentraliseerde as gedesentraliseerde vlak ingestel word. Die status van skoolvoorligting en van voorligters moet deur registrasie verseker word (vgl. Marais,1988c:109). Skakeling met (onder andere) die openbare en private sektor is nog 'n baie belangrike voorvereiste.

Vervolgens word gelet op die doelstellings van skoolvoorligting in die algemeen en die doelstellings van persoonlikheids-, opvoedkundige- en beroepsvoorligting as komponente van skoolvoorligting.

2.4 Die Doelstellings van skoolvoorligting

2.4.1 Inleiding

Per definisie is die oorkoepelende doel van skoolvoorligting om te voorsien in die behoeftes van die individu met betrekking tot die verskaffing van inligting

en voorligting op 'n algemene en spesifiek beroepsgerigte vlak deur middel van fasiliteite wat beskikbaar is aan alle leerlinge. Volgens Beukes (1982:23) is die doelstelling van skoolvoorligting die totale opvoeding van die leerling, want dit gaan wesenlik om die leerling in sy totale opvoedkundige belewenis te help sodat hy by volwassenheid sy plek as volwaardige mens kan volstaan.

Volgens Kruger (1987:23) is die doel van skoolvoorligting om die leerling deur middel van gespesialiseerde dienste by te staan om tot volwassenheid te ontwikkel, sodat hy sal lewe tot eer van God, tot heil van sy naaste en tot beswil van homself. Stefflre (1980:16) is van mening dat die doel van skoolvoorligting volkome ondersteuning aan die kind behels, sodat rasionele, buigbare en bevredigende gedrag die eindresultaat kan wees. Oosthuizen (1982:10) plaas 'n baie hoë premie op identiteitsvorming as doel van skoolvoorligting. Volgens hom is alle probleme en besluitneming aan identiteitsvorming gekoppel. Hy is van mening dat selfverwesenliking net bereik kan word aan die hand van sinvolle identiteitsvorming. Downing (1986:12) beklemtoon die bydrae van skoolvoorligting tot selfbegrip. Die doel van skoolvoorligting is volgens hom om die kind se selfbegrip te bevorder in sy verhouding tot ander. Daarom moet die verhouding tussen akademiese nastrewing en persoonlike ontwikkeling beklemtoon word, en 'n positiewe onderwyser-leerlingverhouding moet geskep word.

2.4.2 Die doel van persoonlikheidsvoorligting

Die doel van persoonlikheidsvoorligting is volgens Kruger (1987:24) en Marais (1988d:240) voorkomend en vormend - dit bevorder die kind se geestesgesondheid. Dit is daarop ingestel om probleme op die vlak van die persoonlikheidsontwikkling te voorkom en terselfdertyd die kind in sy ontwikkeling te vorm. Om dit te kan bereik, moet die volgende nagestreef word:

2.4.2.1 Steungewing tot selfontdekking en selfbegrip

Die kind moet in selfontdekking so gelei word dat hy homself leer ken, begryp en reg beoordeel, sodat 'n duidelik realistiese selfbeeld ontwikkel en hy kan kom tot selfaanvaarding ten opsigte van eie moontlikhede en beperkinge.

2.4.2.2 Steungewing tot kennis en begrip van die lewenseise

Elke leerling moet begelei word om die eise wat die lewe stel, te verken en te begryp, sodat hy 'n sinvolle lewe kan lei.

2.4.2.3 Steungewing tot selfverwesenliking

Die kind moet deur persoonlikheidsvoorligting begelei word tot selfverwesenliking en 'n sinvolle inskakeling in sy leefomstandighede, sodat hy 'n gesonde waagmoed ontwikkel, hy produktief, weerbaar en gelukkig kan wees.

2.4.2.4 Identifisering en uitskakeling van steurings-faktore

Moontlike persoonlikheidsversteurende faktore wat die kind in sy gebalanseerde ontplooiing kortwiek en sy prestasies nadelig tref, moet vroegtydig geïdentifiseer word, en die kind moet gehelp word om dit uit te skakel (Kruger,1987:24; Liebetrau, 1987:4; RGN,1981:18).

2.4.3 Die doel van opvoedkundige skoolvoorligting

Die doel van opvoedkundige skoolvoorligting is die verskaffing van hulp en leiding op die vlak van die opvoedkundig-akademiese; dus vir die kind in die leersituasie. Dit het vanselfsprekend ook verband met die doelstellings van persoonlikheidsvoorligting. Die volgende doelstellings kan ten opsigte van opvoedkundige voorligting onderskei word.

2.4.3.1 Verskaffing van inligting

Inligting word verskaf om die leerling toe te rus met kennis van onderwys-, beroeps- en persoonlik-sosiale geleenthede, sodat hy 'n sinvolle keuse en besluit kan neem in 'n toenemend gekompliseerde samelewing (Marais,1988e:273).

2.4.3.2 Onderhoudvoering

Onderhoudvoering het ten doel om selfbegrip en selfontwikkeling by die kind te vergemaklik. Die onderhoud

is in baie gevalle die kern van voorligting, terwyl besluitneming grootliks gebaseer is op 'n gesonde selfbegrip.

2.4.3.3 Evaluering van die kind

Net soos dit in die loop van onderwys nodig is om die kind skolasties te evalueer, is dit in die voorligtings= aktiwiteit nodig om evaluerings te maak met die doel om inligting oor die kind te verkry met die oog op identifikasie van leer- en ander probleme.

2.4.3.4 Oriëntering

Oriëntering het ten doel om die leerlinge, hulle ouers en selfs onderwysers te help aanpas in nuwe situasies. Die leerling moet skolasties ingeskakel word en al die geleenthede gebied word om optimaal te presteer; ouers moet leiding ontvang oor verskillende sake wat die skolastiese vordering van die kind raak, en dit is die taak van die voorligter om inligting oor 'n kind wat ook vir ander onderwysers van belang is, op professionele wyse met hulle te deel (Kruger,1987:26; Makinde,1984:42; Rogers,1984:10; Shertzer & Stone,1976:39).

2.4.4 Die doel van beroepsvoorligting

Volgens Kruger (1984:18; 1987:31) , die RGN (1981:13; 1984:140) en die TOD (1986a:1) is die doel van beroepsvoorligting om inligting te voorsien wat vir die

leerling by die keuse van 'n beroep van nut kan wees, in so 'n mate dat hy 'n goedaangepaste, tevrede, gelukkige en eerlike arbeider in diens van sy Skepper sal wees.

Dit is belangrik om daarop te let dat beroepsvoorligting net deur 'n vakkundig geskoolde persoon aangebied kan word. Kruger (1980:17) beklemtoon dat die onderwyser in sy hoedanigheid as voorligter nie gespesialiseerde beroepsvoorligting moet probeer aanbied nie, omdat sulke advies deur leerlinge en hulle ouers as gesaghebbend aanvaar word, terwyl dit nie deskundige leiding kan wees nie.

Die doel van beroepsvoorligting kan in meer besonderhede soos volg gestel word:

* Om die leerling te begelei tot selfverkenning en self= kennis;
* Om leerlinge se kennis uit te brei ten opsigte van die geweldige omvang van die beroepswêreld en die eise wat dit aan die beroepsbeoefenaar stel;
* Waardering vir die groot omvang van beroepsgeleenthede;
* Sistematiese vermindering van leerlinge se verwronge idees van sekere beroepe;
* Om leerlinge vertroud te maak met faktore wat beroepe en werkenemers kan beïnvloed;
* Identifiseer, interpreteer en begryp leerlinge se be= langstellings, vermoëns en waardes as oorheersende faktore in die beroepskeuseproses;

* Ondersteun leerlinge in die aanleer van effektiewe besluitnemingsvaardighede;
* Geleentheid om die beroepswêreld te verken;
* Om die leerling te lei tot begrip en kennis van nie-beroepsrolle, byvoorbeeld gesins- en ander pligte, deelname aan gemeenskapslewe, ensovoorts.
* Om die leerling te begelei na 'n positiewe beroeps- en arbeidsgesindheid.
* Om die leerling te help om sy eie moontlikhede en beperkings te ken.
* Om die leerling aan te moedig om ambisieus en terselfdertyd realisties te wees.
* Dit moet die leerling help om doeltreffende keuses te maak.
* Dit moet die leerling help om die oorgang te maak na die beroepswêreld en die persoonlike eise wat dit stel. (Gibson & Mitchell,1981:278; Lee,1987: 21; Rogers, 1984:10; TOD, 1987:1; Weinrach,1980:289)

Skakeling van die skoolvoorligter met die openbare en private sektor ten einde resente inligting rakende die beroepswêreld te bekom, sal meehelp tot die effektiewe verwesenliking van bogenoemde doelstellings.

2.5 Die begin- en eindpunt van skoolvoorligting

Die begin van die voorligtingprogram is nie in die sekondêre skoolfase soos wat die algemene indruk mag wees nie. Dit is noodsaaklik om daarop te let dat die primêre fase ook vir voorligting voorsiening maak. Voorligting is

dus 'n aaneenlopende program wat reeds in die pre-primêre fase 'n aanvang neem en dan deur al die fases strek (Gibson et al.,1983:177; Gothard, 1987:15; Lee,1987:20; Weinrach, 1987:26).

Wat beroepsvoorligting as sodanig gedurende die onderskeie fases betref, sê Reinhart (1979:99) en Kenneke (1973:33) dat daar gedurende die primêre fase 'n bewusmaking van beroepe plaasvind. Gedurende die sekondêre fase val die klem op die ontdekking (en ervaring) van beroepe, terwyl graadgerigte sowel as nie-graadgerigte beroepsopleiding in die tersiêre fase geskied. Daarna volg voortgesette en volwassene-opleiding sowel as indiensopleiding wat steeds van beroepsvoorligting afhanklik is.

Visser (1981:3) wys daarop dat daar 'n verhoogde aanvraag na beroepsvoorligting tydens die middeljare voorkom en dat werkgewers in toenemende mate om beroepsvoorligting aan hulle werknemers vra. Die eindpunt kan dus nie voor aftrede wees nie.

2.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is eerstens na die beginsels van skoolvoorligting gekyk. Daarna is die wesenskenmerke van skoolvoorligting onder die loep geneem. Die doelstellings van skoolvoorligting is vervolgens van nader toegelig en wel die algemene doelstellings, die doelstellings van persoonlikheidsvoorligting, opvoedkundige voorligting en

beroepsvoorligting. Ten slotte is kortliks gekyk na die begin- en eindpunt van voorligting.

Suksesvolle beoefening van voorligting sal uiteraard bepaal word deur die professionele gehoorsaamheid van die beoefenaar aan die beginsels, wesenskenmerke en doelstellings van voorligting.

In die volgende hoofstuk word die huidige skoolvoorlig= tingsituasie in Transvaal se sekondêre skole onder die loep geneem.

HOOFSTUK 3

DIE HUIDIGE SKOOLVOORLIGTINGSITUASIE IN TRANSVAALSE SEKONDÊRE SKOLE

3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die aard, wese en doel van skoolvoorligting omskryf. In hierdie hoofstuk word 'n ontleding van die huidige skoolvoorligtingsituasie in Transvaal se sekondêre skole gegee. Enkele aspekte van die Transvaalse Onderwysdepartement se amptelike beleid en ook fasiliteite word bespreek. Daar is ook 'n aantal behoeftes en knelpunte en positiewe punte ten opsigte van skoolvoorligting wat ten slotte aandag sal geniet. Die analise geskied aan die hand van die skoolvoorligtingprogram vir sekondêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD, 1986a).

3.2 Beroepsvoorligtingprogram in Transvaalse sekondêre skole

3.2.1 'n Analise

Met die indeling van inhoud vir die onderskeie standerds word daar ten opsigte van elke standerd 'n besondere doel gestel. Die inhoud is in die lig van die doel ingeklee. Benewens die besondere inhoud vir elke standerd moet die algemene doelstellings soos on die vorige hoofstuk omskryf, voortdurend in ag geneem word.

In die beroepsvoorligtingsperiode word onder meer aandag gegee aan die verskillende sekondêre skole, die verwerwing van self- en beroepskennis en die verwerking van moontlikhede. Elke leerling lê 'n persoonlike beroepsleêr aan.

Standerd 6-leerlinge word ook georiënteer met betrekking tot sport- en ontspanningsaangeleenthede, leerlingrade, jeugverenigings en doeltreffende studie. Hulle word ook georiënteer ten aansien van die geskikthede en beperkinge asook die problematiek rondom keusemaking en beroepsverkenning wat die beskikbaarheid van beroepsinligting insluit; 'n elementêre raamwerk vir die bestudering van 'n beroep en elementêre beroepstudies om die verband tussen skolastiese vlak en beroepsvlak aan te toon.

Standerd 7-leerlinge word begelei om 'n finale studierigting- en vakkeuse uit te oefen. Die program maak onder meer voorsiening vir doeltreffende studiemetodes- en gewoontes, verantwoordbare keuse-uitoefening, studie= geleenthede, naskoolse opleiding, beroepsvelde, die verband tussen persoonsgeskikthede en beroepsvelde, loopbaan= verkenning wat 'n eie elementêre verkenning deur elke leerling kan minstens twee beroepe uit die beroepsvelde volgens eie belangstelling behels. Hulle word ook ondersteun in 'n finale vakversamelings- en studie= rigtingkeuse as aanloop tot 'n eie beroepskeuse en leerlinge met keuseprobleme word op individuele basis na die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede verwys.

In standerd 8 val die klem op akademiese sukses. Die belangrikheid van die standerd 8-vakversameling word benadruk. Hulle word ook gemotiveer tot doeltreffende studiemetodes. Die klem val verder op beroepsmoontlikhede wat met die verskillende studierigtings verband hou en dit word van elke leerling verwag om doelgerig beroepsverkenning van bepaalde beroepe te doen. Daar word ook aandag gegee aan arbeidsgesindheid, arbeidsopvattinge, arbeidsverhoudinge, die arbeidsmark en werkverskaf= fingsburo's. Ten slotte word ook aandag gegee aan opleidingsfasiliteite en studiemoontlikhede en daar word onderhoude met voornemende skoolverlaters gevoer.

Vir standerd 9 is die oorkoepelende doel die begeleiding van elke leerling om die beroepe wat binne sy afgebakende beroepsveld val, grondig te verken en daaruit 'n finale beroepskeuse te doen. Standerd 9-leerlinge doen voortgesette beroepsverkenning en daar word meer indringend na studie- en opleidingsgeleenthede na standerd 10 gekyk. Daarbenewens word daar ook in groeps- en individuele verband aandag gegee aan finansiële hulpbronne waarna die maak en afronding van 'n finale beroepskeuse volg. Ten slotte word aandag gegee aan die grondliggende vereistes om suksesvol te wees in studie en beroepsbeoefening asook die sin van beroepsbeoefening.

Die standerd 10-leerling word begelei tot selforiëntering ten opsigte van verdere studie, die beroepslewe in die algemeen en arbeid in die besonder. Daar word aandag gegee aan die verhouding tussen die beroepslewe en die staat,

kerk, ontspanning en landsekonomie. Daar word ook gekyk na kultuuridentiteit in die beroepslewe en arbeidsverhoudinge. Ten slotte word die standerd 10-leerling se arbeidsopvatting en lewensopvatting benadruk. Leerlinge met 'n finale beroepskeuseprobleem word na die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede verwys.

3.2.2 Opmerking

Nêrens in die program word daar op enige stadium spesifiek melding gemaak van skakeling van die skoolvoorligter met die openbare en private sektor nie. Die aanname kan gemaak word dat daar op informele wyse wel skakeling plaasvind.

Die beroepsvoorligtingsprogram is formeel en verpligtend vir sekondêre skole. Die beroepsvoorligtingsprogram veronderstel die aanstelling van toepaslik opgeleide personeel, voorsiening van bepaalde fisiese geriewe en tyd op die skoolprogram.

3.2.3 Tyd op die skoolprogram

3.2.3.1 Lesperiodes

Die skoolrooster moet voorsiening maak vir een halfuurperiode per klas per week vir groepvoorligting aan alle leerlinge van standerd 6 tot standerd 10.

3.2.3.2 Onderhoudperiodes

Minstens een onderhoudperiode per week moet vir elke 100 leerlinge (of gedeelte daarvan) vir wie die voorligtingonderwyser verantwoordelik is, aan hom vir individuele hulp aan leerlinge en ouers toegeken word.

3.2.3.3 Onderhoude na skoolure

Die voorligtingonderwyser behoort na skoolure ook op gegewe tye vir individuele onderhoude met leerlinge, ouers, personeel, verteenwoordigers van werkgewende en opleidingsinstansies en andere beskikbaar te wees.

3.3 Organisasie en postestruktuur van die Skoolsielkundige en Voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement

In sy huidige vorm bestaan die diens uit 'n Hoofsuperintendent van Onderwys: Opvoedkundige Hulpdiens en vyf Superintendente van Onderwys: Akademies, Opvoedkundige Hulpdiens wat beheer uitoefen oor Onderwyshulpsentrums en Kinderleidingklinieke. Hierdie sentrums en klinieke is versprei oor die hele Transvaal. Elke sentrum en kliniek het die dienste van vyf verskillende dissiplines beskikbaar, te wete 'n Onderwysadviseur: Loopbaan= aangeleenthede (beroepsleier); 'n Onderwysadviseur: Onderrigaangeleenthede (ortodidaktikus); 'n Onderwys= adviseur: Opvoedingsaangeleenthede (ortopedagoog); 'n Onderwysadviseur: Voorligting (sosiopedagoog) en 'n Onderwysadviseur: Spraak-; Stem-, Taal- en Gehooraan=

geleenthede. (By die klinieke is die benaming Opvoedkundige Sielkundige in plaas van Onderwysadviseur.) Daar is reeds begin om arbeidsterapie as sesde dissipline tot die diens by te voeg - sommige klinieke beskik reeds oor die diens.

Transvaal is in ses streke verdeel. In elke streek is die betrokke Hoofsuperintendent van Onderwys: Streek ook hoof van die hulpdiens. Kliniekskole word bedien deur die Onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede (Van Heerden, 1988).

3.4 Die personeel betrokke by skoolvoorligting

'n Doeltreffende skoolvoorligtingprogram kan nie los van die skool se opvoedkundige en onderwysaktiwiteite funksioneer nie. Daarom is almal wat met die kind gemoeid is, ook in 'n mindere mate by hierdie program betrokke. Vir die doel van hierdie studie word volstaan met die take van die skoolhoof, die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding, die Voorligtingonderwyser en die Onderwysadviseur: Loopbaangeleenthede.

3.4.1 Die skoolhoof

Die hoof is verantwoordelik vir die doeltreffende aanbieding van skoolvoorligting. Dit impliseer dat hy 'n gesonde klimaat vir skoolvoorligting in die skool sal skep deur 'n persoonlike belangstelling te toon en die samewerking en betrokkenheid van almal wat daarby belang

het, sal aanmoedig. Verder behoort hy periodieke kontrole oor die groep- en individuele werk wat gedoen word, uit te oefen. Hy moet toesien dat ervare en toepaslik gekwalifiseerde personeel in die vak aangewend word en dat die nodige fasiliteite vir skoolvoorligting beskikbaar gestel word (TOD,1986a:2).

3.4.2 Die Departementshoof: Opvoedkundige leiding (DSO)

Hy is verantwoordelik aan die hoof vir alle sake wat by sy departement tuishoort, maar hy tree op as professionele leier in sy departement en is daarom verantwoordelik vir die doeltreffende funksionering daarvan. Hy is verder ook verantwoordelik vir die opstel van 'n vakbeleid met duidelike didaktiese riglyne en hy moet op gereelde en sistematiese basis kontrole ten opsigte van die personeel in die verskillende komponente uitoefen waarna 'n verslag oor die betrokke personeel opgestel moet word ten einde sinvolle individuele indiensopleiding en personeel= ontwikkeling te bewerkstellig.

Die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding moet op die hoogte bly van die denkrigtings oor benadering, metodiek, tegnieke, evaluering, programmatuur en hulpmiddels en dit dan aan die betrokke onderwysers oordra en hy behoort leiding te gee oor sake soos sillabusse en werkskemas, tuiswerk, media-integrering, praktiese werk, effektiewe gebruik van hulpmiddels, deurlopende evaluering, nasienwerk, nasorgwerk en remediëring. Hy moet ook sorg dra dat daar minstens een onderhoudsperiode per week vir

elke 100 leerlinge of gedeelte daarvan ingeruim word en daarby moet hy toesien dat daar 'n gebalanseerde program aangebied word en elke kind volgens sy vermoë ontwikkel.

Hy behoort as voorsitter by vergaderings op te tree, leiding te gee en opdragte aan spesifieke leerkragte te gee om sekere fasette van die spesifieke vak of komponent te behandel. Hy is ook verantwoordelik vir die onderrig van 'n vak of komponent van die program, met dien verstande dat hy vir meer as die helfte van die periodelas in sy departement sal wees. Ten slotte koördineer hy die werk van die voorligtingonderwyser(s) en hy verwys probleemgevalle na die Onderwyshulpsentrum/Kinderleiding= kliniek (TOD,1986a:3; TOD,1988(Lesing 1:2).

3.4.3 Die Voorligtingonderwyser

Die voorligtingonderwyser is verantwoordelik vir die praktiese toepassing van die skoolvoorligtingsprogram in al sy fasette. Dit impliseer dat hy leerlinge in groepverband sal onderrig maar, wanneer nodig, persoonlike onderhoude met individuele leerlinge, ouers en andere sal voer. Hierdie onderwyser is ook verantwoordelik vir die organisering van die voorgeskrewe fasiliteite en, in samewerking met die Departementshoof:Opvoedkundige Leiding, vir die nodige skakeling met werkgewende en opleidingsinstansies (TOD,1986a:3).

3.4.4 Die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede

Die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede verskaf hulp aan alle betrokkenes in die organisering en uitvoering van voorligtingdienste in sy bepaalde omvattende eenheid. Dit is 'n omvangryke taak en sluit onder andere voorligting aan leerlinge, ouers, onderwysers en skoolhoofde in. Opsommend kom die funksies van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede op die volgende neer:

Ten opsigte van die primêre skool staan hy die skool by in die organisering en toepassing van die komponent opvoedkundige leiding van die voorligtingsprogram. Hy reël van tyd tot tyd saamtrekke en organiseer werkstudiegroepe vir Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding met die oog op doeltreffende toepassing van die opvoedkundige leidingsprogram. Hy pas 'n intensiewe diagnoseringsprogram toe op alle standerd 5-leerlinge met die oog op hulpverlening tot verantwoordbare onderwyskeuses. Dit sluit toetsing van leerlinge, verifiëring van keuses, individuele onderhoude met ouers en leerlinge asook opvolgwerk in. Hy verskaf groep- en individuele voorligting aan ouers van standerd 5-leerlinge met betrekking tot gedifferensieerde onderwys in die sekondêre skool. Hy pas selektiewe IK-groeptoetsing vanaf standerd 3 toe, en hy identifiseer leerlinge met probleme vir interdissiplinêre hantering deur middel van groeptoetsing.

Ten opsigte van die sekondêre skool oriënteer hy hoofde van skole, Departementshoofde: Opvoedundige Leiding en

voorligtingonderwysers met betrekking tot die implementering van die voorligtingsprogram - meer bepaald die komponent beroepsleiding. Hy lei voorligting= onderwysers en Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding op vir hulle taak in die implementering van die komponent beroepsleiding. Opleiding geskied individueel en in groepsverband deur middel van saamtrekke in studie- en werkkomitees. Hy loods 'n intensiewe opvolgprogram met alle standerd 6-leerlinge. Alle leerlinge wat verkeerd geplaas is met betrekking tot kursusse, tipe skole en keusevakke, geniet sy aandag. Hy verskaf hulp aan individuele standerd 7-leerlinge met betrekking tot finale studierigting-, vak- en graad van vakkeuse. Hy kontroleer die keuses van alle leerlinge wat nie verwys is nie en gee ook aandag aan kliniekskoolleerlinge wat uitgeplaas word en leerlinge wat in koshuise vir terapeutiese doeleindes geplaas word. Hy verskaf naskoolse- en beroepstudieleiding aan individuele skoolverlaters wat deur die voorligtingonderwysers na hom verwys word. Hy loods 'n opvolgprogram met standerd 8-leerlinge. Alle leerlinge wat verkeerd geplaas is met betrekking tot vak, graad van vak en finale studierigtingkeuse, geniet sy aandag. Hy hanteer alle leerlinge wat verwys word met betrekking tot verandering van kursus-, vak- en studierigtingkeuses asook leerlinge met probleme met betrekking tot studiemetodes. Hy pas psigometriese groeptoetse toe en interpreteer die resultate - dit sluit ook die toepassing van IK-toetse op 'n selektiewe basis in, en hy verskaf individuele en groepvoorligting aan ouers van veral standerd 7-leerlinge met die oog op gedifferensieerde onderwys in die sekondêre

skool. Ten opsigte van die spesiale skool staan hy die skool by in die organisering en toepassing van veral die beroepsleidingsprogram. Hy verskaf hulp aan individuele leerlinge met betrekking tot spesifieke praktiese vakrigting- en beroepskeuse. Hy help met die indeling van homogene groepe waar van toepassing, en hy toets senior leerlinge met die oog op sifting vir moontlike ambagsopleiding.

Die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede dien as skakel tussen die skool en die beroepswêreld. In die verband reël of onderneem hy van tyd tot tyd inligtingsbesoeke aan werkgewende en opleidingsinstansies binne sy besondere eenheid; woon alle inligtingsbesoeke wat deur die hoofkantoor gereël word, by; kanaliseer bekombare inligting aan die skole in sy betrokke eenheid en reël op 'n streekbasis beroepsuitstallings in samewerking met sy kollegas (TOD,1986b:6).

3.5 Huidige skakeling in beroepsvoorligting

Alvorens daar na die toedrag van sake in Transvaal gekyk word, is dit wenslik om kortliks te let na wat in die verband in enkele oorsese lande gedoen word.

3.5.1 Die "Nova Scotia Approach"

In Nova Scotia, soos elders in Kanada, is ernstig probleme ondervind met werkloosheid onder die jeug. Dit is veral aan drie basiese tekortkominge toe te skryf:

a. "Op-datum" inligting oor beroepe;

b. Besluitnemingsvermoë wat 'n voorvereiste is vir 'n onderwys- en beroepskeuses en

c. Praktiese "werk-soek" en "werk-hou" vermoë.

Ten einde 'n meer sinvolle program van skoolvoorligting daar te stel, het Nova Scotia se Departement van Onderwys besluit om ander instansies in 'n spanpoging te betrek. 'n Werkswinkel is gereël waar die span kon saamkom rondom die tema van skoolvoorligting en dan veral die komponent beroepsvoorligting. So is die "Youth Careers Committee" in die lewe geroep. Hierdie komitee, met inspraak van ander instansies as die Departement van Onderwys, kry take om te verrig op 'n jaar-basis. Op die wyse word volgehoue skakeling verseker en buite-instansies kry die geleentheid om 'n bydrae te lewer tot skoolvoorligting (Swenson,1978:45).

Soortgelyke stelsels bestaan ook in verskeie ander wêrelddele. Le Roy (1984:49) doen byvoorbeeld verslag van 'n "Guidance Advisory Committee" wat gedurende 1981 deur die Durham Board of Education van Oshawa in Ontario in die lewe geroep is. Hierdie komitee moet skoolvoorligters in die genoemde streek adviseer en gereeld aan die Durham Board verslag doen. Hulle kom eenmaal per maand bymekaar

en op grond van hulle bydrae is reeds groot suksesse in veral beroepsvoorligting in hulle streek behaal.

Mott (1978:18) beweer dat dit in Alberta ook al hoe meer die neiging is om die openbare en private sektor by skoolvoorligting te betrek. Nolan (1979:350) sê dat plaaslike sakelui van Virginia die inisiatief geneem het om betrokkenheid by skoolvoorligting te bewerkstellig.

Die afleiding kan dus gemaak word dat daar enersyds 'n behoefte van skoolvoorligters bestaan om die openbare en private sektor te betrek en andersyds 'n behoefte van die openbare en private sektor om by skoolvoorligting betrokke te raak. Die regering se algemene doelwitte en uitgangspunte met betrekking tot mannekrag, voortvloeiend uit die verslag van die Wiehahn-kommissie, impliseer reeds skakeling, maar dit is die RGN se aanbeveling (RGN,1981:89) wat die dringende noodsaaklikheid van skakeling met die openbare en private sektor by name noem. Wanneer die Transvaalse Onderwysdepartement se skoolvoorligtingprogram vir sekondêre skole onder oë geneem word, word die oproep om skakeling al duideliker. Die voorligtingonderwyser kan nie hierdie program ten uitvoer bring sonder ondersteuning uit die openbare en private sektor nie.

3.5.2 Komitee vir die Koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding

Hierdie behoefte aan skakeling is reeds vroeer vasgestel. Na breedvoerige samesprekings tussen die Departement van Mannekrag, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) se Instituut vir Personeelnavorsing (NIPN) en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), wat tussen 1977 en 1979 plaasgevind het, is die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding op 1 November 1979 gestig (My Loopbaan/My Career,1980:3).

In 1981, op grond van 'n aanbeveling van die Nasionale Mannekragkommissie (NMK) en voorstelle in die Wiehahn-verslag, is daar besluit om die koördinering van beroepsleiding ook by die komitee se werksaamhede in te sluit en sal dit dus nou bekend staan as die **Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding** (My Loopbaan/My Career,1981:210).

Die taak van die komitee behels die ondersoek van die terreine van beroepsinligting en -leiding, die koördinering van navorsing oor en die insameling, sistematisering en disseminering van beroepsinligting, asook die koördinering van beroepsleidingsdienste.

Die volgende instansies is in die komitee verteenwoordig:

* Departement van Mannekrag
* Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing
* Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

* Komitee van Onderwyshoofde
* Komitee van Universiteitshoofde
* SA vereniging van Voorligtingsielkundiges
* Vereniging van Studentevoorligting in Suider-Afrika
* Suid-Afrikaanse Vervoerdienste
* Departement van Onderwys en Opleiding
* Association of Personnel Service Organisations
* Instituut vir Personeelbestuur
* Mannekrag- en Bestuurstigting van Suidelike Afrika
* Nasionale Mannekragkommissie
* Vereniging van Technikons
* Vereniging van Tegniese Kolleges (Anon.,1983:1)

Take wat reeds deur die komitee onderneem is, is onder andere die koördinering van navorsing wat op die gebied van beroepsinligting en beroepsvoorligting gedoen is; propagering van beroepsleiding as 'n noodsaaklike element van mannekragbestuur; die koördinering van pogings tot die daarstelling van gerekenariseerde beroepsinligting-, beroepsvoorligting- en indiensplasingstelsels; koördinering van die daarstelling van rolprente, skyfiereekse en radioprogramme oor loopbane, veral kontrole oor die objektiwiteit van sodanige inligting en die koördinering van die werksaamhhede van verskaffers en gebruikers van loopbaaninligting (Anon.,1983:1).

Die Komitee doen van tyd tot tyd verslag van hulle werksaamhede in " My Loopbaan/My Career ".

3.6 Onderwysbeleid en skakeling met buitestaanders

Buitestaanders (by implikasie die openbare en private sektor) mag voorligting in verband met loopbane slegs deur bemiddeling van Onderwysadviseurs: Loopbaanaangeleenthede en voorligtingonderwysers aan leerlinge verskaf (TOD,1986a:15). Verder word dit aan die diskressie van die skoolhoof oorgelaat om te besluit wie hy na skoolure wil toelaat om leerlinge by die skool oor loopbaanaangeleenthede toe te spreek. Dit mag egter alleenlik in die teenwoordigheid van die skoolhoof of sy verteenwoordiger en/of die skoolvoorligter geskied en ouers se skriftelike toestemming moet vooraf verkry word (TOD,1989:1).

Die Handleiding vir Algemene Skoolorganisasie (TOD,1986c: 286) vra dat onderwysers en skoolamptenare moet waak teen pogings van buite-instansies om die skoolorganisasie as goedkoop advertensiekanaal vir private doeleindes te misbruik. Hoofkantoor sal nie toestemming aan persone buite die organisasie van die Departement verleen om skole vir die doel te besoek nie. Geen direkte werwing word gedurende skoolure toegelaat nie. Loopbaanuitstallings wat by skole en elders georganiseer word, is slegs na ure vir leerlinge en hulle ouers toeganklik.

3.7 Beheer oor Onderwys

Volgens proklamasies van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika aangekondig in die Staatskoerant

nr.10171 van 27 Maart 1986, word blanke onderwys vanaf 1 April 1986 deur die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad) beheer.

Op die manier word 'n einde gemaak aan die verdeelde beheer oor blanke onderwys. Gekoördineerde inspraak van die openbare en private sektor het dus ook nou 'n groter en makliker moontlikheid geword.

3.8 Bepaalde behoeftes en knelpunte met betrekking tot skoolvoorligting

Uit die voorafgaande gedeelte is dit duidelik dat daar 'n hoë eis aan skoolvoorligting gestel word. Minkoff (1985:56) het gesê skoolvoorligting het " *a liferaft in an impetuous world* " geword. Daar is egter heelwat knelpunte wat eers uit die weg geruim moet word en behoeftes wat eers bevredig moet word alvorens skoolvoorligting aan die eise van die dag kan voldoen.

3.8.1 Knelpunte in skoolvoorligting volgens die RGN

In sy ondersoek na die Onderwys, het die RGN se Werkkomitee: Voorligting in 1981 'n aantal knelpunte in 'n verslag geïdentifiseer. Ofskoon hierdie knelpunte in voorligting in die algemeen in die RSA voorkom, kan aanvaar word dat die meeste ook op Transvaal van toepassing is.

3.8.1.1 Knelpunte ten opsigte van die organisasie en beheer van skoolvoorligting in die skool

a. Die skoolhoof

Sy gesindheid jeens voorligting is dikwels nie positief nie. Daarby het hy dikwels ontoereikende kennis van die plek en waarde van voorligting. Daar word afgewyk van voorgeskrewe tydstoekenning op die skoolrooster, en ontoereikende skakeling en kommunikasie met personeel betrokke by voorligting word dikwels aangetref.

b. Voorligtingonderwysers

Navorsing toon dat onderwysers wat vir voorligting by skole aangestel word, dikwels nie vir die pos geskik is nie. In die praktyk blyk dit dat die pos van voorligtingonderwyser dikwels gevul word deur pensioenarisse, onervare onderwysers en selfs persone wat op ander vakterreine gefaal het. Gegewens toon byvoorbeeld aan dat meer as die helfte van die onderwysers wat by skoolvoorligting betrokke is, geen opleiding in die vak gehad het nie en dat meer as 70% van die onderwysers wat by skoolvoorligting betrokke is, minder as vyf jaar ervaring in skoolvoorligting het. Geringskatting van die plek en waarde van skoolvoorligting deur skoolhoofde lei daartoe dat onderwysers verantwoordelik vir skoolvoorligting dikwels oorlaai word met eksamenvakke en ander verpligtinge. Gebrekkige kennis van die inhoud van die skoolvoorligtingprogram en geringskatting van die waarde van skoolvoorligting deur die onderwyser self lei dikwels daartoe dat die vak in 'n tuiswerkperiode ontaard. Ontoereikende kommunikasie en skakeling tussen die

voorligtingonderwyser, die hoof en ander personeel van die skool is dikwels ook 'n oorsaak van die lae standaard van skoolvoorligting (RGN,1981:104).

c. Die leergang en werkskemas

Bestaande leergange in skoolvoorligting dek al die noodsaaklike aspekte daarvan. Dit blyk egter dat leergange by baie skole nie behoorlik toegepas word nie (RGN,1981:105).

d. Fisiese fasiliteite

Alhoewel skole, waar moontlik, 'n lokaal vir skoolvoorligting beskikbaar stel, leer die ervaring dat sodanige lokale dikwels ontoereikend is en nie aan die vereistes voldoen nie. Ontoereikende fisiese fasiliteite (lokale, meubels, toerusting en hulpmiddels) vir skoolvoorligting is waarskynlik een van die grootste knelpunte in hierdie verband. Daar is vasgestel dat baie sekondêre skole oor geen doelmatige lokaal vir skoolvoorligting of oor 'n onderhoudlokaal beskik nie en dat bykans die helfte van sekondêre skole nie die nodige meublement en vereiste toerusting vir skoolvoorligting het nie.

e. Tyd vir individuele werk (onderhoude)

'n Verdere knelpunt is dat baie skole nie op die skoolrooster voorsiening maak vir voldoende onderhoudperiodes nie. 'n Opname in hierdie verband het onder andere getoon dat daar skole is waar daar geen

onderhoudperiodes op die rooster bestaan nie (RGN,1981:106).

f. **Administratiewe hulp**

Die praktyk leer dat die voorligtingonderwyser vanweë die omvang van skoolvoorligting fisies nie in staat is om al die administrasie in die verband te hanteer nie. Ontoereikende hulp met betrekking tot die organisering, instandhouding en beskikbaarstelling van skoolvoorligting by sekondêre skole is waarskynlik 'n belangrike rede waarom skoolvoorligting nie tot sy reg kom nie.

3.8.1.2 Knelpunte ten opsigte van die organisasie en beheer van skoolvoorligting by die Kinderleiding-kliniek

a. **Fisiese fasiliteite**

Opnames toon aan dat fisiese fasiliteite (lokale) by 'n groot aantal Kinderleidingsklinieke nie toereikend is nie.

b. **Belading**

Vanweë die omvang van sy taak en die groot getal leerlinge in skole vind beroepsvoorligters dit steeds moeiliker om 'n hoë standaard van werk te handhaaf.

3.8.1.3 Knelpunte ten opsigte van die inspektoraat

Vanwee die omvang van hul taak en die groot aantal skole is dit vir die Superintendente van Onderwys: Skoolvoorligting nie moontlik om behoorlike beheer en kontrole oor skoolvoorligting uit te oefen nie. 'n Verdere knelpunt in

die verband is dat die Superintendente wat vir skoolvoorligting aangestel word, nie altyd gespesialiseerde opleiding vir hierdie taak ontvang het nie. Die ontoereikende skakeling en kommunikasie tussen die Superintendente van Onderwys: Skoolvoorligting en die skoolvoorligters werk onsekerheid in die hand.

3.8.2 Ander behoeftes en knelpunte met betrekking tot skoolvoorligting

3.8.2.1 Dagsimposia oor loopbaanontwikkeling

By dagsimposia oor loopbaanontwikkeling wat op 2 November 1984 en 25 Oktober 1985 by die PU vir CHO aangebied is, is 'n aantal behoeftes met betrekking tot skoolvoorligting vasgestel. Dit is onder andere die behoefte aan koördinering van strategieë en programme; beter kommunikasie tussen persone en instansies wat met skoolvoorligting gemoeid is; 'n nasionale plan vir beroepsnavorsing; beroepsentra op streekbasis vir alle bevolkingsgroepe; gekwalifiseerde skoolvoorligters in skole; verhoogde ouerbetrokkenheid by skoolvoorligting aan leerlinge; die ontwikkeling van bepaalde vaardighede by die kliënt in skoolvoorligting (byvoorbeeld besluitneming en die ontsluiting van beroepsinligting); van die kliënt ten opsigte van sy/haar skoolvoorligting, en beter skakeling tussen onderwysdepartemente, universiteite, technikons en die privaatsektor (Van der Watt, 1985 13).

3.8.2.2 **Navorsing**

Beukes (1985:22) het in 'n informele opname onder tien skoolvoorligters verbonde aan die NIPN gevind dat die meeste matrikulante wat die NIPN in Pretoria besoek vir skoolvoorligting, nog geen duidelikheid oor 'n beroepskeuse het nie en hoop dat die voorligtingsessie vir hulle 'n rigting sal aandui. Die rol van skoolvoorligting of die voorligtingonderwyser word deur die meeste matrikulante as onbeduidend beskryf. Seuns veronderstel dat hulle 'n tegniese aanleg en belangstelling het - ten koste van ander moontlikhede wat eers tydens toetsing aan hulle uitgewys word. Ingenieursberoepe het steeds statuswaarde vir sowel seuns as meisies, en 'n groot aantal studente wat hierdie rigtings kies, oorweeg slegs universiteitsopleiding en is heeltemal onrealisties oor die eise wat so 'n studierigting aan hulle stel. Hulle vind dit ook moeilik om alternatiewe rigtings te kies en toon weerstand teen ander rigtings of ingenieurstudie by die Technikon. Kinders van stedelike skole is beter ingelig oor studierigtings en is buigsamer in hulle keuses as kinders van plattelandse skole.

Visser (1981:2) van die WNNR se Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing het gevind dat skoolvoorligting deurgaans onstelselmatig aangebied word, en koördinasie tussen betrokke organisasies is minimaal. Voorligtingfasiliteite is totaal onvoldoende vir die groot getalle jongmense wat skoolvoorligting benodig. Baie mense het slegs 'n vae idee van beroepe en neig om die tradisionele werkrigtings te betree. Die potensiaal van

ander bevolkingsgroepe kan veel beter vasgestel, ontplooi, gerig en benut word. Opleiding in skoolvoorligting is erg verwaarloos en onderskat - dit geniet nie genoeg aandag in akademiese leergange nie, en die breë publiek is oningelig oor die waarde en noodsaaklikheid van skoolvoorligting.

3.9 Positiewe punte met betrekking tot skool-voorligting

Bogenoemde behoeftes en knelpunte met betrekking tot skoolvoorligting skep 'n baie negatiewe beeld van die huidige skoolvoorligtingsituasie in die RSA. Daar is egter 'n aantal positiewe punte met betrekking tot skoolvoorligting wat nie ongenoem kan bly nie. Die belangrikste hiervan is sekerlik die feit dat skoolvoorligting wel as vak bestaansreg geniet en, daarmee saam, deur sommige mense baie hoog aangeslaan word. Nog postiewe punte kan soos volg opgesom word:

3.9.1 RGN

Die RGN se werkkomitee: Voorligting het in sy ondersoek na die voorligtingsituasie in die RSA bevind dat bestaande leergange vir skoolvoorligting al die noodsaaklike aspekte van skoolvoorligting dek (RGN,1981:105).

3.9.2 Dagsimposia oor loopbaanontwikkeling

By dagsimposia oor loopbaanontwikkeling wat op 2 November 1984 en 25 Oktober 1985 by die PU vir CHO aangebied is, is 'n aantal positiewe punte met betrekking tot

skoolvoorligting aangedui. Daar bestaan 'n algemene behoefte aan samewerking en koördinering onder alle instansies wat met skoolvoorligting gemoeid is. Die RGN lewer 'n positiewe bydrae tot skoolvoorligting deur navorsing, en die Departement van Mannekrag lewer 'n belangrike bydrae deur die verskaffing van beroepsinligting as deel van skoolvoorligting. Die universiteite en technikons beskik oor die algemeen oor goeie voorligtingdienste en vakkundige personeel, en die Provinsiale Onderwysdepartemente het goeie strukture met die oog op skoolvoorligting aan skoliere. Die voortgesette en ontwikkelingsaard van skoolvoorligting word algemeen aanvaar.

3.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is 'n analise van die huidige skoolvoorligtingsituasie in Transvaal se sekondêre skole gedoen. Daar is ten aanvang gekyk na die beroepsvoorligtingprogram in Transvaalse sekondêre skole, waarna die organisasie en postestruktuur van die skoolsielkundige en voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement kortliks uiteengesit is. Vervolgens is die take van enkele van die personeel betrokke by skoolvoorligting uitgelig. Daar is ook gekyk na huidige skakeling in skoolvoorligting asook die onderwysbeleid ten opsigte van skakeling met buitestaanders. Ten slotte is bepaalde behoeftes en knelpunte asook enkele positiewe punte ten aansien van skoolvoorligting uitgewys.

In hoofstuk 4 volg 'n empiriese ondersoek ten opsigte van die tema van hierdie navorsing.

HOOFSTUK 4

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 Inleiding

Na die probleemstelling wat tot hierdie ondersoek aanleiding gegee het (hoofstuk 1), die aard en wese van skoolvoorligting uitgelig is (hoofstuk 2) en 'n analise van die huidige skoolvoorligtingsituasie in Transvaalse sekondêre skole gemaak is (hoofstuk 3), sal daar in hierdie hoofstuk deur middel van 'n empiriese ondersoek gepoog word om die stand van skakeling van skoolvoorligters met die openbare en private sektor te bepaal.

4.2 Die doel van die ondersoek

Die doel van die ondersoek behels die volgende:

4.2.1 om empiries te bepaal wat die aard/stand van skakeling van skoolvoorligters aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal met die openbare en private sektor is;

4.2.2 om empiries te bepaal wat die houding van beroepsvoorligters ten opsigte van skakeling met die openbare en private sektor is, en

4.2.3 om, indien dit uit die empiriese ondersoek sou blyk dat skakeling met die openbare en private sektor

noodsaaklik is, aanbevelings ten opsigte van sinvolle skakeling te maak.

4.3 Enkele ondersoekmetodes en keuse van die ondersoekmiddel

Ten einde te bepaal wat die stand van skakeling van skoolvoorligters met die openbare en private sektor is, sal 'n empiriese ondersoek gedoen word. Die bruikbaarste metode wat sou beantwoord aan die geldigheids- en betroubaarheidsvereistes, moes vir die doel toegepas word, en daar is vervolgens oorweging geskenk aan:

a. Persoonlike besoeke aan alle Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal waartydens onderhoude met skoolvoorligters gevoer sal word, en

b. 'n vraelys aan alle skoolvoorligters van Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal.

Vervolgens word kortliks ingegaan op die voor- en nadele van elk van hierdie metodes om tot 'n keuse te kom. Daarna sal die gekose metode vollediger beskryf word.

4.3.1 Die voor- en nadele van die persoonlike onderhoud as navorsingsmetode

Die onderhoud is een van die algemeenste metodes van data-insameling (De Wet et al.,1981:161; Mouly,1978:201). Onderskeid kan getref word tussen die gestruktureerde en die ongestruktureerde onderhoud. Die gestruktureerde

onderhoud het ten doel om op gestandaardiseerde wyse inligting te bekom (De Wet et al.,1981:162; Walker, 1985:91), terwyl die ongestruktureerde onderhoud meer buigsaam en informeel is. Die onderhoud word aangepas by die respondent en die omstandighede waaronder die onderhoud gevoer word (De Wet et al.,1981:163). Die ongestruktureerde onderhoud kan as 'n oop tegniek teenoor die gestruktureerde onderhoud as geslote tegniek omskryf word (Vockell,1983:75).

4.3.1.1 Voordele van die persoonlike onderhoud as navorsingsmetode

Die persoonlike onderhoud het bepaalde voordele vir opvoed= kundige navorsing, waaronder die volgende:

a. Die onderhoud is ideaal vir respondente wat verkies om inligting mondeling oor te dra (Marais, 1982:182).

b. Bepaalde response wat moontlik verkeerd vertolk kon word, kan in die onderhoudsituasie bespreek en geverifieer word (Borg & Gall,1979:310).

c. As die respondent 'n vraag nie verstaan nie, kan dit verduidelik word (De Wet et al., 1981:162).

d. Die onderhoud gee aan die navorser inligting in verband met die respondent se emosies met betrekking tot sekere items (Turney & Robb, 1971:135).

e. Die onderhoud stel die navorser in staat om dieper in te gaan op antwoorde (De Wet et al.,1981:162).

f. 'n Onderhoud is buigsaam en aanpasbaar by omstandighede (De Wet et al.,1981:162).

g. Indien 'n onderhoud saam met 'n beplande vraelys aangewend word, lewer dit baie bruikbare data (De Wet et al.,1981:162).

4.3.1.2 Nadele van die persoonlike onderhoud as navorsingsmetode

a. Die anonimiteit van die respondent word aangetas, waardeur waardevolle persoonlike menings agterweë bly (Steyn,1977:158).

b. Die navorser (onderhoudvoerder) het 'n invloed op die data en die uiteindelike resultate (Mouly, 1978:204).

c. Dit is moeilik om die betroubaarheid daarvan te bepaal (De Wet et al.,1981:163).

d. Vrae moet deeglik beplan (gestandaardiseer) word (De Wet et al.,1981:163).

e. Onderhoudvoerders moet deeglik opgelei wees (Borg & Gall,1979:313; De Wet et al.,1981:163; Mouly, 1978: 205).

f. 'n Onderhoud is tydrowend en onekonomies as baie onderhoude gevoer moet word (De Wet et al.,1981: 163).

4.3.2 Die voor- en nadele van die vraelys as navorsingsmetode

Volgens De Wet et al. (1981:163) kan die onderhoud maklik met 'n vraelys vervang word. Met 'n opvoedkundige vraelys word onder meer feite in verband met onderwysaangeleenthede ingewin.

4.3.2.1 Voordele van die vraelys as navorsingsmetode

a. Resultate is meer betroubaar as die van die persoonlike onderhoud, omdat respondente die geleentheid het om objektiewe response aan te bied (Cohen & Manion,1980:242).

b. Persoonlike beïnvloeding deur die onderhoudvoerder word uitgeskakel.

c. Dit gee aan respondente die geleentheid om anoniem sonder vooroordele en terughoudendheid vrylik te reageer (Marais,1982:183).

d. Dit bevorder eerlike beantwoording van vrae (Cohen & Manion,1980:253).

e. Dit is relatief ekonomies wat tyd en geld betref (Ary et al.,1971:120; Gay,1976:128).

f. Standaardvrae word aan alle respondente gestel (Lovell & Lawson,1970:86).

g. Gestandaardiseerde instruksies word gegee (De Wet et al.,1981:163).

h. Tabulering van die response vergemaklik die ontleding daarvan (Ary et al.,1971:170).

i. 'n Groot aantal proefpersone kan by die ondersoek betrek word (De Wet et al.,1981:163; Turney & Robb,1971:130).

4.3.2.2 **Nadele van die vraelys as navorsingsmetode**

a. Daar is dikwels 'n lae persentasie terugontvangste (Ary et al.,1971:170; Turney & Robb,1971:130).

b. Dit is moeilik om die vrae so te formuleer dat al die respondente dit korrek sal verstaan (De Wet et al.,1981:164).

c. Die vraelys het leemtes indien slegs gestruktureerde of ongestruktureerde items gebruik word.

d. Respondente mag die items oorhaastig beantwoord.

e. Respondente word verplig om 'n antwoord uit 'n aantal moontlikhede te kies (Ary et al.,1971:170).

f. Respondente beantwoord soms nie alle items nie en handel weer ander onvolledig af (Marais, 1982:183).

g. 'n Traak-my-nie-agtige houding van die respondent, 'n swak geheue, foutiewe waarneming, 'n gebrek aan belangstelling en "luiheid" mag 'n invloed op die kwaliteit van die response hê (Turney & Robb,1971:130).

h. Dit is moeilik om die geldigheid daarvan te bepaal (De Wet et al.,1981:164).

Na 'n oorsigtelike beoordeling van die persoonlike onderhoud en die vraelys as navorsingsmetodes, het die persoonlike onderhoud as die geskikste voorgekom. Op grond van die volgende oorwegings is egter besluit dat persoonlike onderhoude met skoolvoorligters uit hoofde van die betrokke ondersoek nie die voordeligste metode sou wees nie:

* Weens ekonomiese redes (met betrekking tot tyd en geld) is persoonlike besoeke aan skoolvoorligters as onprakties beskou;

* uitputting van die ondersoeker en tydgebonde onderhoude sou tot onoorwoë response aanleiding gee.

Om die redes is daar besluit om van die vraelysmetode gebruik te maak.

4.3.3 Die vraelys as empiriese navorsingsmetode

4.3.3.1 Inleiding

'n Vraelys is, soos die naam aandui, 'n lys van vrae wat op versoek van die navorser (opsteller daarvan) deur ander persone beantwoord moet word. Die items in die vraelys vra gewoonlik feitelike inligting in verband met bepaalde houdings, menings en voorkeure.

Nieteenstaande al die kritiek en besware teen die vraelys, bly dit steeds die ondersoekmiddel wat die meeste gebruik word in opvoedkundige navorsing (Mouly,1978:188).

4.3.3.2 Die ontwerp van die vraelys as empiriese navorsingsmetode

a) Konstruksie van die vraelys

Die sukses, geldigheid en betroubaarheid van 'n vraelysondersoek hang grootliks af van die doeltreffende konstruksie daarvan (Mouly, 1978:190). Die ondersoeker moet duidelikheid hê oor die doel van die ondersoek - hoe duideliker die doelformulering van die ondersoek, hoe beter kan elke item met die doel van die ondersoek in verband gebring word.

Alle moontlike aspekte van die ondersoek moet aandagtig oorweeg word, byvoorbeeld die steekproefgrootte, die lengte van die vraelys, die inhoud, die vorm, die besondere bydrae en nut van elke item en die appèl van die begeleidende

brief (Mouly,1978:191). Die navorser moet antisipeer wat die respondent se vermoede en vrese is en watter waarde aan persoonlike privaatheid geheg word. 'n Loodsondersoek en hersiening van die voorlopige vraelys is nodig. Die navorser moet alles in sy ververmoë doen om 'n maksimum terugontvangste te verseker. Omdat vraelyste aanspraak maak op respondente se tyd, moet dit sover moontlik foutloos wees. Respondente is bereid om inligting te verstrek indien die ondersoek dit regverdig (Mouly,1978:191).

Twee tipes items wat algemeen gebruik word vir die konstruksie van vraelyste, is die gestruktureerde (geslote) items en ongestruktureerde (ope) items. Die keuse van die item word bepaal deur die doel van die navorsing.

i) Gestruktureerde (geslote) items

Gestruktureerde items bied alternatiewe antwoorde, en die respondent moet dan sy antwoord kies uit die moontlikhede wat die navorser hom bied (De Wet at al.,1981:163). Die moontlikheid bestaan dat die veelkeusige itemvraag nie voorsiening maak vir die respondent se voorkeur(e) nie. In so 'n geval is dit wenslik om 'n item "ander" in te sluit en dan genoegsaam ruimte te laat vir die respondent se mening. Ten opsigte van die verdeelde itemvraag, moet die respondent tussen "ja" en "nee" kies. Soms word die alternatiewe "weet nie", "kan nie besluit nie", ensovoort ingesluit (Cohen,1980: 246) (kyk voorbeeld 1).

Voorbeeld 1

Is skakeling na u mening 'n noodsaaklike komponent van die skoolvoorligtingprogram?

	X	
JA		1
NEE		2
WEET NIE		3

Gestruktureerde (geslote) items het die volgende belangrike voordele:

* Dit bied eenvormigheid en daarom groter betroubaarheid (Cohen & Manion,1980:246).
* Dit vergemaklik tabulering en is geskik vir kodering en rekenarisering (De Wet et al.,1981:163; Hopkins,1976:145).

Die nadele van die gestruktureerde (geslote) items is onder meer die volgende:

* Die kunsmatigheid van die respons-moontlikhede.
* Sommige items kan die respondent irriteer.
* Respondente word gedwing om antwoorde (response) te kies wat moontlik nie vir hulle bevredigend is nie (De Wet et al., 1981:163).
* Dit bemoeilik die geleentheid om kwalifiserend te antwoord.

ii) **Ongestruktureerde (ope) items**

Ongestruktureerde items bied die respondent 'n vrye keuse van antwoorde en geleenthede om eie menings te lug (De Wet et al., 1981:163). Die respondent het dus die voorreg om spontaan in sy eie woorde te antwoord (kyk voorbeeld 2).

Voorbeeld 2

Hoe, na u mening, kan skakeling met die openbare en private sektor bevorder word?
(Ruimte gelaat vir respondent se mening)

Belangrike voordele van ongestruktureerde (ope) items is:

* Dit plaas die proefpersoon op sy gemak.
* Dit is plooibaar.
* Dit bied aan die proefpersoon geleentheid om antwoorde te verstrek wat van eie insig getuig.
* Dit bied die ondersoeker die geleentheid om 'n objektiewe opname te maak (Cohen & Manion,1980:247).

Nadele van ongestruktureerde (ope) items is:

* Dit bemoeilik tabulering en kodering.
* Dit neem baie tyd in beslag om in te vul.
* Nie alle proefpersone hou daarvan om baie te skryf nie.
* Proefpersone verstrek inligting wat nie op die vraag betrekking het nie.

b) Kriteria vir die ontwerp van items

* Elke item moet kort en ter sake wees. (Mouly,1978: 193).
* Elke item moet duidelik geformuleer wees en slegs oor een aspek handel (Travers,1978: 330).
* Kwalitatiewe items soos goed, sleg, selde, ensovoort, moet vermy word.
* Keuses moet eenvoudig wees en maklik gedoen kan word. Moeilike items benadeel die betroubaarheid van die vraelys (Youngman, 1978:12).
* Vrae moet so geformuleer word dat die ondervraer nie beswaar daarteen sal hê nie. Items wat aanstoot kan gee, moet vermy word (Gay, 1976:130).
* Vrae moet so geformuleer word dat die verlangde inligting daarmee bekom kan word (Hopkins, 1976:146).
* Die vraelys moet slegs genoeg items insluit om die verlangde inligting te bekom.
* Items moet so gestruktureer word dat slegs een antwoord verstrek kan word.
* Items moet in 'n logiese orde gerangskik word.
* Die sinsbou moet korrek en die taalgebruik foutloos wees (Youngman,1978:15).
* Items moet feitelik en objektief wees.
* Items moet so ontwerp word dat die data getabuleer kan word.
* Die vraelys moet vir rekenaardoeleindes ontwerp word.
* Hoogdrawende taal en tegniese terme moet vermy word (Borg & Gall,1979:297).
* Die navorser moet veral aandag aan die ontwerp van die eerste items van die vraelys gee. Indien dit die

respondent se belangstelling gaande maak, is die kanse goed dat hy die res van die vraelys sal invul.

* Die kombinasie van oop en geslote items sal terugsendings bevorder (Youngman,1978:22).
* Uitlokvrae moet vermy word (Borg & Gall, 1979: 297).

c) **Tegniese versorging**

Die tegniese versorging van 'n vraelys is van besondere belang en verdien spesiale aandag. Die uiteensetting van die vraelys moet sorgvuldig beplan word. 'n Netjiese en professionele voorkoms sal terugontvangste verbeter. Borg & Gall,(1979:298), Cohen & Manion (1980:85) en Youngman (1978:20) bied die volgende wenke ter verbetering van die voorkoms van die vraelys:

* Dubbele reëlspasiering dra by tot die beter lees van 'n vraag.
* 'n Konsekwente plasing van die blokkies waarin die respondente kruisies moet maak, vergemaklik en bespoedig die invul van die vraelys en voorkom dus die moontlikheid dat sommige vrae onbeantwoord bly.
* Tikwerk en lettertipe is baie belangrik.
* Daar moet duidelik onderskei kan word tussen die items en die instruksies.
* Daar moet ruimte (ongeveer 30 mm) aan die regterkant van die bladsy gelaat word vir rekenaarkodering.
* Vrae wat verwarring mag meebring, moet deur voorbeelde voorafgegaan word.

* Belangrike vrae moet liefs nie aan die einde van die vraelys geplaas word nie.
* Instruksies moet, indien nodig, herhaal word.
* Proefpersone behoort op toepaslike wyse aan die einde van die vraelys vir hulle samewerking bedank te word.

d) Anonimiteit

Wanneer die verlangde inligting vertroulik van aard is, word 'n anonieme vraelys opgestel. Anonieme vraelyste het egter heelwat nadele. Dit bemoeilik opvolgondersoeke, en dit is onprakties omrede proefpersone wat nie gereageer het nie, moeilik geïdentifiseer sal word. Volgens Borg & Gall, (1979:301) moet die volgende faktore oorweeg word indien daar besluit moet word oor die anonimiteit van 'n vraelys:

* Die belangrikheid van identifikasie met betrekking tot die analise van die data.
* Die volwassenheid van die proefpersone.
* Die mate waarin inligting van die proefpersoon gevra word wat hy liewer sou wil verswyg.
* Die moontlike uitwerking van anonieme vraelyste op die terugontvangste.
* Die prosedure met betrekking tot die ontleding van die resultate.

e) Samestelling van die voorlopige vraelys

Die samestelling van 'n vraelys is 'n integrale deel van die navorsing, en dit is wenslik om 'n deeglike loodsstudie

ten opsigte van 'n klein aantal proefpersone te onderneem alvorens die vraelys op die gekose proefpersone toegepas word (Borg & Gall,1979:39). Na 'n loodsstudie kan die vraelys geredigeer word deur onduidelike en dubbelsinnige items uit te skakel. Die loodsstudie sal ook aantoon of die verkreë data volgens beplanning ontleed kan word. Na redigering kan die finale vraelys opgestel word.

f) Inhoud

'n Begeleidende brief en gefrankeerde koevert moet die vraelys vergesel. Dit is noodsaaklik dat die navorser sal kontroleer of al die bladsye van die vraelys in die regte volgorde is en of die vraelys volledig is.

g) Verspreiding

Amptelike toestemming moet by die betrokke onderwysowerhede verkry word alvorens vraelyste vir invul aan skole gestuur word.

h) Terugontvangste

Dit is wenslik dat die ondersoeker die terugontvangste kontroleer ten opsigte van die aantal en wie gereageer het indien van 'n kontrolenommer gebruik gemaak is. Volgens Hopkins (1976:145) is 50% terugontvangste bevredigend terwyl 60% as goed en 70% as baie goed beskou word.

i) Opvolgbrief

'n Opvolgbrief moet na ongeveer 2 - 3 weke aan proefpersone gestuur word indien die persentasie terugontvangste nie bevredigend is nie. Telegrammme of telefoonoproepe kan ook gebruik word.

4.4 Die empiriese ondersoek

4.4.1 Keuse van die proefpersone

Die doel van hierdie navorsing is om vas te stel wat die stand van skakeling van skoolvoorligters aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal met die openbare en private sektor is. Die teikengroep vir die ondersoek is dus skoolvoorligters aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal.

4.4.2 Studiepopulasie

Die grootte van die steekproef is belangrik (De Wet et al.,1981:117; Snedecor et al.,1967:516). Hoe groter die steekproef, hoe akkurater is die skatting van die gemiddelde van die populasie. Die steekproef moet so groot moontlik wees om betroubare en geldige gevolgtrekkings te kan verseker. Hoe groter enige steekproef is, hoe 'n beter skatting gee dit van die populasie se eienskappe.

Aan die hand van die Transvaalse Onderwysdepartement se adreslys van 1982 is daar 172 Afrikaansmedium sekondêre

skole in Transvaal geïdentifiseer. Omdat dit, gemeet aan voorafgaande kriteria, 'n "hanteerbare" getal is, is besluit om die skoolvoorligters van al 172 skole as studiepopulasie by die ondersoek te betrek.

4.4.3 Samestelling van die vraelys

4.4.3.1 Motivering vir en ontwerp van die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is

Met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek en na aanleiding van die bevindinge met die literatuurstudie, is besluit om meer inligting by skoolvoorligters oor die volgende sake in verband met skakeling met die openbare en private sektor in te win:

a. Die noodsaaklikheid van skakeling met die openbare en private sektor is in die vorige hoofstuk aangedui (kyk par. 3.5). Die Transvaalse Onderwysdepartement maak ook in 'n mate voorsiening vir sodanige skakeling (kyk par. 3.6). Daar moet dus vasgestel word of skakeling wel plaasvind, en die eeste drie vrae word daarom aan hierdie saak gewy (kyk vrae 1 tot 3, Bylaag A).

b. Indien skoolvoorligters nie met die openbare en private sektor skakel nie, moet vasgestel word of daar wel 'n behoefte om sodanige skakeling bestaan. Twee vrae is hiervoor gebruik (kyk vrae 4 en 5, Bylaag A).

c. Indien skoolvoorligters wel met die openbare en private sektor skakel, moet vasgestel word wat die aard en praktyk van sodanige skakeling is. Skoolvoorligters se mening

hieroor word aan die hand van 'n aantal vrae bepaal (kyk vrae 6 tot 13, Bylaag A).

d. Daar moet ook vasgestel word of skakeling met die openbare en private sektor wel tot voordeel van die skoolvoorligtingprogram strek en of die huidige skakeling na wense is (kyk par. 3.5) Dit sal deur 'n aantal vrae in die vraelys gekontroleer word (kyk vrae 14 tot 22, Bylaag A).

Die vraelys sal ontwerp word volgens die kriteria vir die opstel van 'n vraelys (kyk par. 4.3.3.2 (b)). Die vraelys sal ontwerp word om te voldoen aan die vereistes wat gestel word deur die Departement Rekenaardienste van die PU vir CHO.

4.4.3.2 Keuse van die soort items vir die vraelys

Oorweging is geskenk aan die geskiktheid van gestruktureerde (geslote) en nie-gestruktureerde (ope) items (kyk par. 4.3.3.2 (a)). Aangesien die verlangde inligting na verwagting feitelik van aard sal wees, is besluit om die verdeelde item (Ja - Nee) in die vraelys in te sluit (kyk par. 4.3.3.2(a)). Omdat "Ja"- en "Nee"-response belangrike implikasies inhou vir die ondersoek, is 'n item "spesifiseer u antwoord" by 'n aantal van hierdie vrae ingesluit. Vir ander is veelkeusige items ingesluit sodat die respondente kan motiveer waarom 'n "Ja"- of "Nee"-respons aangebied is. Ter wille van maklike en vinnige afhandeling van die vraelys is verder besluit om 'n aantal gestruktureerde veelkeusige items in te sluit ten

einde die respondent se aandag op bepaalde moontlikhede toe te spits. Daar is verwag dat nie alle veelkeusige items vir elke respondent se besondere keuse voorsiening sou maak nie. Derhalwe is 'n item "ander" by die veelkeusige items ingesluit. Daar is ook besluit om twee ope-items in die vraelys in te sluit sodat respondente kommentaar, wenke en aanbevelings kan maak.

Die formulering van die items is aan die hand van die kriteria vir vraagformulering gedoen (kyk par. 4.3.3.2(b)).

4.4.3.3 Eerste redaksie van die vraelys

Na aanleiding van die riglyne en kriteria met betrekking tot die ontwerp van 'n vraelys (kyk par. 4.3.3.2) is besluit op 'n eerste redaksie wat soos volg daaruit gesien het:

SKAKELING VAN SKOOLVOORLIGTERS MET DIE OPENBARE EN PRIVATE SEKTOR

1. Is u van mening dat skakeling met die openbare en private sektor u taak ten opsigte van skoolvoorligting kan bevoordeel?

JA	NEE

2. Bestaan daar enige skakeling tussen u en die

   a. Openbare sektor?

JA	NEE

   b. Privaatsektor?

JA	NEE

Indien u "JA" op vraag 2 geantwoord het, vul asseblief die res van die vraelys in. Indien u "NEE" op vraag 2 geantwoord het, beantwoord asseblief slegs vrae 8 tot 12.

3. Wat is die aard van hierdie skakeling?

   a. Inligtingstukke/brosjures
   b. Uitstappies/besoeke
   c. Uitstallings
   d. Ander

Indien "Ander", spesifiseer:

_____

_____

4. Wat is die gehalte van hierdie skakeling?

   a. Goed
   b. Swak

5. Indien goed: wat beskou u as die belangrikste rede vir die goeie skakeling?

   _____

   _____

6. Indien swak: wat beskou u as die belangrikste rede vir die swak skakeling?

   _____

   _____

7. Van wie kom die inisiatief vir die skakeling in u geval?

_____

_____

8. Is u bewus van die werksaamhede van die komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding?

JA	NEE

9. Maak u gebruik van die komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding?

JA	NEE

10. Indien u "NEE" op vraag 9 geantwoord het, verskaf die rede:

_____

_____

11. Enige probleme wat u in verband met skakeling van die skoolvoorligter met die openbare en private sektor sou wou noem:

_____

_____

_____

12. Enige aanbevelings wat u in verband met skakeling van die skoolvoorligter met die openbare en private sektor sou wou maak:

_____

_____

_____

4.4.3.4 Tweede redaksie van die vraelys

Die vraelys is met die studieleier bespreek. Nadat sekere redaksionele wysigings op sy aanbevelings aangebring en 'n aantal items bygevoeg is, is die tweede redaksie opgestel.

Die tweede redaksie van die vraelys is tydens persoonlike onderhoude met 'n aantal skoolvoorligters bespreek. Die doel van hierdie bespreking was hoofsaaklik om onduidelike en dubbelsinnige items te identifiseer en uit te skakel. Daar moes ook vasgestel word of die verkreë data soos beplan ontleed kon word.

Hierna is 'n kopié van die vraelys (Bylaag A) aan die Transvaalse Onderwysdepartement vir amptelike goedkeuring gestuur. Skriftelike toestemming is verkry om die vraelys aan skoolvoorligters van sekondêre skole in Transvaal vir invul te stuur (Bylaag B).

4.4.3.5 **Aspekte van die finale vraelys**

a. **Groepering van vrae**

Die vrae van die vraelys is in vier groepe verdeel:

Vrae 1 tot 3 wou bepaal of daar wel skakeling tussen die skoolvoorligter en die openbare en private sektor bestaan.

Vrae 4 tot 5 wou die noodsaaklikheid van skakeling van skoolvoorligters met die openbare en private sektor bepaal.

Vrae 6 tot 13 wou die aard en praktyk van skakeling van skoolvoorligters met die openbare en private sektor bepaal.

Vrae 14 tot 22 wou die waarde van skakeling van skoolvoorligters met die openbare en private sektor bepaal.

b. **Lengte van die vraelys**

Daar is probeer om die vraelys so kort as moontlik saam te stel sonder om belangrike en noodsaaklike inligting verlore te laat gaan. Die vraelys bestaan uit 22 vrae wat 6 bladsye beslaan.

c. **Anonimiteit van die vraelys**

Op grond van die feit dat 'n anonieme vraelys 'n opvolgondersoek sou bemoeilik, is besluit om 'n kodenommer op die vraelys te gebruik ten einde die terugontvangste te

kontroleer. Respondente is daarvan verseker dat alle inligting met die grootste vertroulikheid behandel sal word en dat geen skole of persone geïdentifiseer sal word nie.

d. **Voorkoms van die vraelys**

Die volgende gegewens verskyn op die voorblad van die vraelys:

i) Aan wie die vraelys gerig word
ii) Die doel van die ondersoek
iii) Die vertroulikheid van die inligting
iv) Aanwysings met betrekking tot die invul van die vraelys
v) 'n Voorbeeld

Die samestelling en tegniese versorging van die vraelys is gedoen volgens die kriteria van Borg & Gall (1979: 298), Cohen & Manion (1980:85) en Youngman (1978:20) (kyk par. 4.3.3.2).

4.4.3.6 **Begeleidende brief** (Bylaag C)

Ingesluit by elke vraelys is 'n begeleidende brief waarin die doel van die ondersoek verskaf word. Daarin is aangedui dat toestemming vir die ondersoek van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry is.

Met beklemtoning van die vertroulike hantering van die inligting word 'n beroep op die respondent gedoen om

openhartig te reageer. Die doel van die kodenommer op die vraelys is verduidelik, en die noodsaaklikheid vir betrokkenes se samewerking is beklemtoon.

Die terugsendingsdatum is op 4 Maart 1988 gestel, en die vraelyste is op 15 Februarie 1988 gepos.

4.4.3.7 **Opvolgbrief** (Bylaag D)

Na 'n tydperk van 8 weke is 'n opvolgbrief met 'n gefrankeerde koevert aan respondente wat versuim het om die ingevulde vraelys voor die gestelde datum terug te stuur, versend ten einde te verseker dat soveel as moontlik vraelyste terug ontvang word.

4.4.3.8 **Terugontvangste**

Vraelyste is aan al 172 skoolvoorligters wat aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal verbonde is, gestuur.

Na verstryking van die terugsendingsdatum is 130 (75,58%) vraelyste terug ontvang. Een respondent het laat weet dat skoolvoorligting nie in die betrokke skool aangebied word nie.

Nadat die opvolgbrief uitgestuur is, is nog 15 (8,72%) vraelyste terug ontvang. Die ontleding berus dus op 145 (84,30%) respondente se antwoorde.

4.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die doel van die empiriese ondersoek gemotiveer. Daarna is enkele ondersoekmetodes en die keuse van die ondersoekmiddel bespreek, waarna die vraelys as empiriese navorsingsmetode aandag ontvang het. Ten slotte is daar aan die begeleidende brief, opvolgbrief en terugontvangste aandag geggee.

In hoofstuk 5 sal 'n ontleding en bespreking van die vraelysantwoorde gemaak word.

HOOFSTUK 5

AANBIEDING, ONTLEDING EN VERTOLKING VAN DIE VRAELYS-ANTWOORDE

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word vraelysantwoorde kronologies volgens die vierdelige groepering van die vrae ontleed en vertolk, naamlik:

* Skakeling met die openbare en private sektor.
* Noodsaaklikheid van skakeling van skoolvoorligters.
* Aard en praktyk van die skakeling met die openbare en private sektor.
* Waarde van skakeling met die openbare en private sektor.

5.2 Skakeling met die openbare en private sektor

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vrae 1 tot 3 aangebied en vertolk.

5.2.1 Vraag 1

Met vraag 1 in die vraelys wou daar by die skoolvoorligter vasgestel word of daar skakeling tussen die skool en die openbare sektor is (Bylaag A, vraag 1). Antwoorde op die vraag word in tabel 5.1 aangebied.

Tabel 5.1: Vraag 1

"Bestaan daar skakeling tussen u skool en die openbare sektor?"

	N	%
JA	131	90,34
NEE	13	8,97
GEEN ANTWOORD	1	0,69
TOTAAL	145	100,00

5.2.1.1 **Ontleding van die antwoorde**

Volgens die antwoorde in tabel 5.1 het 90,34% (131 uit 145) skole skakeling met die openbare sektor, terwyl 8,97% (13 uit 145) negatief geantwoord het. Een respondent het nie geantwoord nie.

5.2.2 Vraag 2

Vraag 2 is in die vraelys opgeneem ten einde by die skoolvoorligter vas te stel of daar skakeling tussen die skool en die private sektor is (Bylaag A, vraag 2). Antwoorde op hierdie vraag word in tabel 5.2 voorgestel.

Tabel 5.2: Vraag 2

"Bestaan daar skakeling tussen u skool en die private sektor?"

	N	%
JA	114	78,62
NEE	28	19,31
GEEN ANTWOORD	3	2,07
TOTAAL	145	100,00

5.2.2.1 Ontleding van die antwoorde

Na aanleiding van die gegewens in tabel 5.2 het 78,62% (114 uit 145) aangetoon dat daar wel sodanige skakeling bestaan, terwyl 19,31% (28 uit 145) aangedui het dat daar nie skakeling tussen hulle skool en die private sektor is nie, en 2,07% (3 uit 145) skoolvoorligters het nie geantwoord nie.

5.2.3 Vraag 3

Met vrae 1 en 2 wou daar by die skoolvoorligter vasgestel word of daar skakeling met die openbare en private sektor bestaan. Vraag 3 is in die vraelys opgeneem ten einde te bepaal of daar skakeling tussen skole en die plaaslike private sektor is (Bylaag A, vraag 3). Antwoorde op die vraag word in tabel 5.3 uiteengesit.

Tabel 5.3: Vraag 3

" Het u skool skakeling met die private sektor in u plaaslike omgewing?"

	N	%
JA	116	80,00
NEE	27	18,62
GEEN ANTWOORD	2	1,38
TOTAAL	145	100,00

5.2.3.1 **Ontleding van die antwoorde**

80% (116 uit 145) respondente het aangetoon dat daar wel skakeling met die private sektor op plaaslike vlak is, terwyl 18,62% negatief gereageer het. Twee respondente het nie geantwoord nie.

5.2.4 **Vertolking van die antwoorde op vrae 1 tot 3**

Na aanleiding van die antwoorde in tabelle 5.1, 5.2 en 5.3 kan die volgende afleidings gemaak word:

Dit is interessant om daarop te let dat meer skole met die private sektor op plaaslike vlak as met die private sektor as sodanig skakel. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die respondente nie altyd tussen openbare en private sektor onderskei nie. Die moontlikheid bestaan ook dat skoolvoorligters skakeling met die private sektor vermy ten einde skoolverlaters in die plaaslike sektor op te neem.

5.3 Noodsaaklikheid van skakeling van skoolvoorligters met die openbare en private sektor

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vrae 4 tot 5 aangebied en vertolk.

5.3.1 Vraag 4

Voorligteronderwysers wat op vraag 1 en/of 2 en/of 3 negatief geantwoord het, is versoek om aan te dui of sodanige skakeling wel noodsaaklik is (Bylaag A, vraag 4). Op vraag 1 het 8,97%; vraag 2, 19,31% en vraag 3, 18,62% voorligtingonderwysers negatief geantwoord. Nogtans het 35,17% wel vraag 4 beantwoord. Antwoorde op die vraag word in Tabel 5.4 aangebied.

Tabel 5.4: Vraag 4

"Indien u op vraag 1 en/of 2 en/of 3 "Nee" geantwoord het, meen u dat sodanige skakeling wel noodsaaklik is?"

	N	%
JA	51	35,17
NEE	0	0
GEEN ANTWOORD	94	64,83
TOTAAL	145	100,00

5.3.1.1 Ontleding van die antwoorde

Na aanleiding van die response aangebied in tabel 5.4, meen 35,17% (51 uit 145) dat sodanige skakeling wel noodsaaklik

is; nie een respondent het aangedui dat sodanige skakeling nie noodsaaklik is nie. 64,83% (94 uit 145) respondente het nie geantwoord nie.

5.3.1.2 Vertolking

Die volgende afleidings kan op grond van die gegewens in tabel 5.4 gemaak word:

Die meeste respondente het hierdie vraag nie geantwoord nie, omdat hulle volgens vrae 1, 2, en 3 wel skakeling met die openbare en private sektor het. Die respondente wat wel geantwoord het, het almal aangedui dat skakeling noodsaaklik is. Skoolvoorligters wat nie skakeling met die openbare en private sektor het nie, het dus 'n behoefte aan sodanige skakeling. Omdat meer respondente as wat op vrae 1 en/of 2 en/of 3 negatief geantwoord het, hierdie vraag positief beantwoord het, beklemtoon dit die noodsaaklikheid van skakeling.

5.3.2 Vraag 5

Die voorligtingonderwysers wat by vraag 4 aangedui het dat hulle skakeling met die openbare en private sektor nie noodsaaklik ag nie, is in vraag 5 versoek om hierdie antwoord te motiveer. Vyf moontlike redes is in die vraag genoem, terwyl daar ook geleentheid gebied is om ander redes te verskaf (Bylaag A, vraag 5). Geen respondent het by vraag 4 aangedui dat hulle nie skakeling noodsaaklik ag

nie. Nogtans het 16,55% wel vraag 5 beantwoord. Die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 5.5 voorgestel.

Tabel 5.5: Vraag 5

"Indien u op vraag 4 "Nee" geantwoord het, dui aan wat die rede daarvoor is".

	N	%
a) Die bestaande program voor= sien genoegsaam in leerlinge se beroepsbehoeftes	9	6,20
b) 'n Gebrek aan tyd op die skoolrooster bemoeilik skakeling	7	4,83
c) Die skool beskik nie oor 'n opgeleide skoolvoorligter om professionele skakeling te bewerkstellig nie	1	0,69
d) Openbare en private sektor lewer nie 'n daadwerklike bydrae tot leerlinge se beroepskeuses nie	4	2,76
e) Openbare en private sektor sal moontlik die situasie misbruik deur "skakeling" vir werwing te gebruik	2	1,38
f) Ander redes	1	0,69
GEEN RESPONS	121	83,45
TOTAAL	145	100,00

5.3.2.1 Ontleding van die antwoorde

Volgens tabel 5.5 se antwoorde meen 6,20% (9 uit 145) respondente dat die bestaande program wel genoegsaam in leerlinge se beroepsbehoeftes voorsien; 4,83% (7 uit 145) skoolvoorligters meen dat 'n gebrek aan tyd op die

skoolrooster skakeling bemoeilik; 0,69% (1 uit 145) respondente het aangedui dat die skool nie oor 'n opgeleide skoolvoorligter beskik om skakeling te bewerkstellig nie; 2,76% (4 uit 145) respondente is van mening dat die openbare en private sektor nie 'n daadwerklike bydrae tot leerlinge se beroepskeuse lewer nie; 1,38% (2 uit 145) respondente voel dat die openbare en private sektor moontlik die situasie sal misbruik deur "skakeling" vir werwing te gebruik, en 0,69% (1 uit 145) respondent het ander redes aangedui. Die redes is:

a) Die Departementshoof: Opvoedkundige leiding se pos is so oorlaai dat hy nie by skakeling kan uitkom nie, en

b) die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement bemoeilik skakeling.

Eenhonderd een-en-twintig respondente het nie geantwoord nie.

5.3.2.2 Vertolking

Na verwagting moes geeneen van die respondente op hierdie vraag geantwoord het nie, omdat niemand op vraag 4 "Nee" geantwoord het nie. 24 uit 145 respondente het egter wel geantwoord. Dit is bemoedigend dat die meerderheid van hierdie respondente tot so 'n mate tevrede is met die Transvaalse Onderwysdepartement se beroepsvoorligtings= program dat hulle glo dat die program genoegsaam in leerlinge se beroepsbehoeftes voorsien. 'n Tekort aan tyd

op die skoolrooster blyk 'n groot probleem te wees en dit is gerusstellend dat slegs een respondent aangedui het dat die skool nie oor die dienste van 'n opgeleide skoolvoorligter beskik nie. Die Departementshoof: Opvoedkundige leiding se posbelading en die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement ten opsigte van buitestaanders (kyk par 3.6) is ook faktore wat skakeling beïnvloed.

5.4 Aard en praktyk van die skakeling met die openbare en private sektor

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vrae 6 tot 13 aangebied en geïnterpreteer.

5.4.1 Vraag 6

Met vraag 6 in die vraelys wou daar by voorlig= teronderwysers vasgestel word op watter basis inligtingstukke, brosjures van die openbare en private sektor ontvang word (Bylaag A, vraag 6). Antwoorde op hierdie vraag word in tabel 5.6 uiteengesit.

Tabel 5.6: Vraag 6

"Ontvang u skool inligtingstukke en/of brosjures van die openbare en private sektor?"

	N	%
a) Op 'n maandelikse basis	13	8,97
b) Per termyn	12	8,27
c) Jaarliks	25	17,24
d) Van tyd tot tyd	69	47,59
e) Slegs op aanvraag	12	8,27
f) Ander	0	0
GEEN ANTWOORD	14	9,66
TOTAAL	145	100,00

5.4.1.1 Ontleding van die antwoorde

8,97% (13 uit 145) respondente het aangedui dat hulle inligtingstukke en/of brosjures op 'n maandelikse basis ontvang; 8,27% (12 uit 145) per termyn; 17,24% (25 uit 145) per jaar; 47,59% (69 uit 145) slegs van tyd tot tyd en 8,27% (12 uit 145) ontvang inligting slegs op aanvraag. Geen respondent het aangedui dat hy inligting op 'n ander wyse ontvang nie.

5.4.1.2 Vertolking

Dit is bemoedigend dat 90,34% (131 uit 145) respondente volgens tabel 5.6 wel inligtingstukke en/of brosjures vanuit die openbare en private sektor ontvang. Dit is egter teleurstellend dat die meeste van hierdie respondente inligtingstukke en/of brosjures slegs van tyd tot tyd of jaarliks ontvang, aangesien dit 'n belangrike (en maklike) wyse van skakeling is.

5.4.2 Vraag 7

Vraag 7 is in die vraelys opgeneem ten einde te bepaal of skole wel besoekers vanuit die openbare en private sektor ontvang (Bylaag A, vraag 7). Die wyse waarop die respondente geantwoord het, word in tabel 5.7 aangedui.

Tabel 5.7: Vraag 7

"Ontvang u skool van tyd tot tyd besoekers vanuit die openbare en private sektor om leerlinge voor te lig?"

	N	%
JA	94	64,83
NEE	46	31,72
GEEN ANTWOORD	5	3,45
TOTAAL	145	100,00

5.4.2.1 Ontleding van die antwoorde

Tabel 5.7 toon dat 64,83% (94 uit 145) respondente wel van tyd tot tyd besoekers vanuit die openbare en private sektor ontvang ten einde leerlinge voor te lig. 31,72% (46 uit 145) respondente het negatief geantwoord. Vyf respondente het glad nie gereageer nie.

5.4.2.2 Vertolking

Uit tabel 5.7 kan afgelei word dat 'n beduidende aantal skole besoekers vanuit die openbare en private sektor

ontvang. Daar is egter ook 'n groot getal skole wat nie besoekers ontvang nie en sodoende ook nie eerstehandse toeligting bekom nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat skole in die platteland nie geredelik bereikbaar is nie of dat die dorp waarin die skool geleë is, min of geen private ondernemings het nie.

5.4.3 Vraag 8

Voorligteronderwysers wat in antwoord op vraag 7 aangedui het dat hulle wel besoekers ontvang, moes in vraag 8 aandui op watter basis sodanige besoek geskied (Bylaag A, vraag 8). Die antwoorde word in tabel 5.8 aangebied.

Tabel 5.8: Vraag 8

"Indien u op vraag 7 "Ja" geantwoord het, op watter basis geskied sodanige besoek?"

	N	%
a) Individuele besoekers	77	53,10
b) Groepe besoekers	10	6,90
c) Ander	3	2,07
GEEN ANTWOORD	55	37,93
TOTAAL	145	100,00

5.4.3.1 Ontleding van die antwoorde

Volgens die antwoorde in tabel 5.8 ontvang 53,10% (77 uit 145) skole individuele besoekers, en 6,90% (10 uit 145)

groepe besoekers vanuit die openbare en private sektor. 2,07% (3 uit 145) het 'n ander rede aangedui wat op die volgende neerkom:

Besoekers dra inligting oor aan die Departementshoof: Opvoedkundige leiding wat dit dan oordra aan die leerlinge. Die rede vir laasgenoemde wyse is die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement ten opsigte van buitestaanders (Sien par 3.6).

Vyf-en-vyftig respondente het nie geantwoord nie.

5.4.3.2 Vertolking

Dit blyk uit tabel 5.8 dat die meeste skole individuele besoekers ontvang om leerlinge voor te lig. Die beleid van die Onderwysdepartement bly 'n probleem vir skakeling met die openbare en private sektor, of skoolvoorligters/skole moedig sodanige besoeke nie aan nie.

5.4.4 Vraag 9

Vraag 9 is in die vraelys opgeneem om te bepaal of skole uitstappies na instansies in die openbare en private sektor reël (Bylaag A, vraag 9). Die antwoorde op hierdie vraag verskyn in tabel 5.9.

Tabel 5.9: Vraag 9

"Reël u skool van tyd tot tyd vir die leerlinge uitstappies of besoeke aan instansies in die openbare en private sektor?"

	N	%
JA	121	83,45
NEE	22	15,17
GEEN ANTWOORD	2	1,38
TOTAAL	145	100,00

5.4.4.1 Ontleding van die antwoorde

Na aanleiding van tabel 5.9 reël 83,45% (121 uit 145) skole wel uitstappies of besoeke vir die leerlinge aan instansies in die openbare en private sektor, terwyl 15,17% (22 uit 145) dit nie doen nie. Twee respondente het nie geantwoord nie.

5.4.4.2 Vertolking

Volgens tabel 5.9 reël die meeste skole uitstappies of besoeke. Dit is bemoedigend, omdat eerstehandse inligting sodoende deur die leerlinge bekom kan word.

5.4.5 Vraag 10

Vraag 10 bied aan die 22 respondente wat negatief op vraag 9 gereageer het, die geleentheid om aan te dui wat die rede

daarvoor is (Bylaag A, vraag 10). Die antwoorde op die vraag verskyn in tabel 5.10.

Tabel 5.10: Vraag 10

"Indien u op vraag 9 "Nee" geantwoord het, dui aan wat die rede daarvoor is".

	N	%
a) Dit is nie die skool se taak om besoeke te reël nie	2	9,09
b) Die leerlinge het nie 'n be= hoefte aan sulke uitstappies of besoeke nie.	0	0
c) Die skool is in 'n platte= landse omgewing geleë, en sodanige skakeling is nie nodig nie.	2	9,09
d) Gebrek aan persone om reëlings te tref.	0	0
e) Gebrek aan geld vir sulke uitstappies of besoeke.	10	45,45
f) Ander	5	22,72
GEEN ANTWOORD	3	13,63
TOTAAL	22	100,00

5.4.5.1 Ontleding van die antwoorde

Tabel 5.10 toon dat 9,09% (2 uit 22) respondente meen dit is nie die skool se taak om sodanige besoeke te reël nie;

nog 9,09% (2 uit 22) se die skool is in 'n plattelandse omgewing geleë, en sodanige skakeling is nie nodig nie; 45,45% (10 uit 22) het 'n gebrek aan geld vir sulke uitstappies of besoeke, en 22,72% (5 uit 22) het ander redes:

a) Tyd (oorvol skoolprogram);

b) vervoerprobleme;

c) afstand;

d) beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement;

e) weet nie waar om te begin en met wie om te skakel vir sulke uitstappies nie.

Drie respondente wat negatief op vraag 9 geantwoord het, het nie hierdie vraag ter motivering beantwoord nie.

5.4.5.2 Vertolking

Volgens die response blyk dit dat geld, tyd, afstand, vervoer en die Onderwysdepartement se beleid van die vernaamste oorsake is waarom uitstappies en/of besoeke nie vir leerlinge gereël word nie.

5.4.6 Vraag 11

Hierdie vraag is in die vraelys opgeneem om te bepaal of skole loopbaandae en loopbaanuitstallings reël, omdat dit 'n ideale geleentheid vir skakeling kan wees (Bylaag A, vraag 11). Die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 5.11 aangebied.

Tabel 5.11: Vraag 11

"Reël u skool van tyd tot tyd loopbaandae/-uitstallings in samewerking met die openbare en private sektor?"

	N	%
JA	108	74,48
NEE	34	23,45
GEEN ANTWOORD	3	2,07
TOTAAL	145	100,00

5.4.6.1 Ontleding van die antwoorde

Volgens tabel 5.11 het 74,48% (108 uit 145) respondente aangedui dat loopbaandae/-uitstallings deur hulle skole gereël word, terwyl 23,45% (34 uit 145) respondente negatief gereageer het. Drie respondente het glad nie geantwoord nie.

5.4.6.2 Vertolking

Loopbaandae/-uitstallings in samewerking met die openbare en private sektor bied ideale geleenthede vir skakeling. Dit is bemoedigend dat, volgens tabel 5.11, die meeste skole sulke geleenthede benut.

5.4.7 Vraag 12

Die 34 voorligteronderwysers wat op vraag 11 negatief geantwoord het, is versoek om aan te dui wat die rede

daarvoor is (Bylaag A, vraag 12). Antwoorde op die vraag word in tabel 5.12 uiteengesit.

Tabel 5.12: Vraag 12

"Indien u op vraag 11 "Nee" geantwoord het, dui aan wat die rede daarvoor is."

	N	%
a) Dit is nie die skool se taak om sodanige dae of uit=stallings te reël nie	4	11,76
b) Die leerlinge het nie 'n behoefte aan loopbaandae/ -uitstallings nie	1	2,94
c) Die skool is in 'n platte= landse omgewing geleë, en sulke dae of uitstallings is nie nodig nie	0	0
d) Gebrek aan persone om reëlings te tref	5	14,71
e) Gebrek aan geld vir sulke dae of uitstallings	5	14,71
f) Ander	18	52,94
GEEN ANTWOORD	1	2,94
TOTAAL	34	100,00

5.4.7.1 Ontleding van die antwoorde

Tabel 5.12 toon aan dat 11,76% (4 uit 34) respondente nie loopbaandae/-uitstallings reël nie, omdat hulle dit nie as 'n taak van die skool beskou nie; 2,94% (1 uit 34) respondente meen die leerlinge het nie 'n behoefte aan loopbaandae/- uitstallings nie; 14,71% (5 uit 34)

respondente het 'n gebrek aan persone om reëlings te tref; 14,71% (5 uit 34) respondente het 'n gebrek aan geld, en 52,94% (18 uit 34) het die volgende ander redes aangedui:

a) Tyd;
b) die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement;
c) uitstallings (in omgewing) deur ander instansies (universiteite, Departement Mannekrag, Loopbane 2000, ensovoort);
d) loopbaanuitstallings word deur individuele leerlinge bygewoon indien die behoefte bestaan.

Een respondent het nie op hierdie vraag geantwoord nie.

5.4.7.2 **Vertolking**

Die belangrikste redes waarom sekere skole nie loopbaandae/-uitstallings reël nie, is volgens tabel 5.12 tyd, die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement, reeds gereëlde uitstallings deur ander instansies, geld en 'n gebrek aan persone om reëlings te tref. Daar is egter ook 'n beduidende aantal respondente wat glo dat dit nie die skool se taak is om sodanige dae of uitstallings te reël nie.

5.4.8 **Vraag 13**

Hierdie vraag is na aanleiding van vrae 9 en 11 in die vraelys opgeneem en wou vasstel op wie se inisiatief die besoeke aan buite-instansies en/of loopbaanuitstallings

gereël is (Bylaag A, vraag 13). Antwoorde op die vraag verskyn in tabel 5.13.

Tabel 5.13: Vraag 13

"Indien u op vraag 9 en 11 "Ja" geantwoord het, dui aan op wie se inisiatief die besoeke aan instansies in die openbare en private sektor en/of die loopbaanuitstalling in samewerking met die openbare en private sektor gereël is."

	N	%
a) Die skoolhoof	13	8,96
b) Die Departementshoof:Opvoed= kundige leiding	78	53,79
c) Die Departementele Vakkundige: Loopbaanaangeleenthede.	6	4,14
d) Die Skoolvoorligter	7	4,83
e) Die openbare en/of private sektor	7	4,83
f) Ander	1	0,69
GEEN ANTWOORD	33	22,76
TOTAAL	145	100,00

5.4.8.1 Ontleding van die antwoorde

In tabel 5.13 het 8,96% (13 uit 145) respondente aangedui dat besoeke en uitstallings deur die skoolhoof aangevoor word; 53,79% (78 uit 145) sê die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding neem die inisiatief; 4,14% (6 uit

145) meen die Departementele Vakkundige: Loopbaan= aangeleenthede neem die leiding; 4,83% (7 uit 145) respondente sê die skoolvoorligter neem die inisiatief; nog 4,83% (7 uit 145) meen dit geskied op inisiatief van die openbare en private sektor, en 0,69% (1 uit 145) gee die skool se personeel die krediet vir die inisiatief. Drie-en-dertig respondente het nie gereageer nie - dit korreleer met die aantal respondente wat negatief op genoemde vrae geantwoord het.

5.4.8.2 Vertolking

Volgens die antwoorde op hierdie vraag, soos aangedui in tabel 5.13, is die verspreiding van inisiatief vir die besoeke aan instansies in die openbare en private sektor en/of die reël van loopbaanuitstallings in samewerking met die openbare en private sektor aanvaarbaar. Dit is verblydend dat 'n beduidende getal skoolhoofde en (volgens 1 respondent) selfs skoolpersoneel wel by beroepsvoorligting in hulle skole betrokke raak. Die openbare en private sektor behoort meer inisiatief te neem. Die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement ten opsigte van buitestaanders is 'n moontlike rede vir die lae persentasie inisiatief van die openbare en private sektor.

5.5 Waarde van skakeling met die openbare en private sektor

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vrae 14 tot 22 aangebied en vertolk.

5.5.1 Vraag 14

Vraag 14 wou bepaal wat die gehalte van die skakeling van skole met die openbare en private sektor is (Bylaag A, vraag 14). Die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 5.14 aangebied.

Tabel 5.14: Vraag 14

"Beskou u as skoolvoorligter die gehalte van skakeling tussen u skool en die openbare en private sektor as baie goed, goed, bevredigend of swak?"

	N	%
a) Baie goed	28	19,31
b) Goed	57	39,31
c) Bevredigend	43	29,66
d) Swak	15	10,34
GEEN ANTWOORD	2	1,38
TOTAAL	145	100,00

5.5.1.1 Ontleding van die antwoorde

Volgens die antwoorde soos aangedui in tabel 5.14 aanvaar 19,31% (28 uit 145) respondente dat die gehalte van skakeling baie goed is; 39,31% (57 uit 145) respondente meen dat die skakeling goed is. 29,66% (43 uit 145) respondente meen dit is bevredigend, en 10,34% (15 uit 145) respondente het aangedui dat die gehalte van skakeling swak

is. Twee respondente het glad nie op hierdie vraag gereageer nie.

5.5.1.2 Vertolking

Die minderheid van skoolvoorligters in Transvaalse sekondêre skole is volgens tabel 5.14 van mening dat die gehalte van die skakeling van hulle skool met die openbare en private sektor swak is terwyl die meerderheid meen dat dit goed tot baie goed is.

5.5.2 Vraag 15

Hierdie vraag wou bepaal wat die vernaamste redes vir goeie en baie goeie skakeling met die openbare en private sektor is (Bylaag A, vraag 15). Respondente se antwoorde word in tabel 5.15 uiteengesit.

Tabel 5.15: Vraag 15

"Indien u op vraag 14 "Baie goed" of "Goed" geantwoord het, dui aan wat u as die belangrikste rede vir sodanige skakeling beskou."

	N	%
a) Die skool is binne 'n nywerheidsgebied geleë.	11	7,59
b) Die skool is binne 'n stede= like kompleks (nywerhede aan= wesig) geleë.	10	6,90
c) Goeie samewerking tussen die betrokkenes.	42	28,96
d) Goeie belangstellings in skole van die kant van die openbare en private sektor.	13	8,96
e) Ander	2	1,38
GEEN ANTWOORD	67	46,21
TOTAAL	145	100,00

5.5.2.1 **Ontleding van die antwoorde**

7,59% (11 uit 145) respondente meen, na aanleiding van tabel 5.15, die skakeling is goed omdat die skool binne nywerheidsgebied geleë is; 6,90% (10 uit 145) respondente meen dis goed omdat die skool in 'n stedelike kompleks geleë is; 28,96% (42 uit 145) respondente skryf dit toe aan goeie samewerking tussen die betrokkenes; 8,96% (13 uit 145) respondente meen daar is goeie belangstelling in skole van die kant van die openbare en private sektor, en 1,38% (2 uit 145) meen die goeie skakeling is as gevolg van die skool se soeke na kontak en 'n samestelling van al die moontlikhede wat in die vraag aangebied is. Sewe-en-sestig respondente het nie gereageer nie.

5.5.2.2 Vertolking

Volgens die antwoorde op hierdie vraag kan afgelei word dat daar wel goeie samewerking tussen Transvaalse sekondêre skole en die openbare en private sektor is. Die ligging van die skool blyk belangrik te wees vir goeie skakeling. Belangstelling vanaf die openbare en private sektor speel ook 'n baie belangrike rol - naas goeie samewerking, die belangrikste.

5.5.3 Vraag 16

Met vraag 16 in die vraelys wou daar by die skoolvoorligter vasgestel word of skakeling met die openbare en private sektor wel 'n positiewe bydrae tot die skoolvoorligtingprogram lewer vir sover dit die leerlinge beter toerus om verantwoordbare beroepskeuses uit te oefen (Bylaag A, vraag 16). Die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 5.16 uiteengesit.

Tabel 5.16 Vraag 16

"Is u van mening dat die skakeling van die skool met die openbare en private sektor leerlinge beter toerus om verantwoordbare beroepskeuses uit te oefen?"

	N	%
JA	139	95,86
NEE	3	2,07
GEEN ANTWOORD	3	2,07
TOTAAL	145	100,00

5.5.3.1 Ontleding van die antwoorde

Volgens die antwoorde in tabel 5.16 het 95,86% (139 uit 145) respondente "Ja" op hierdie vraag geantwoord, en hulle het hulle antwoorde soos volg gespesifiseer:

a) Leerlinge kry die geleentheid om met 'n spesialis in 'n beroep te gesels.

b) Leerlinge verkry eerstehandse, praktykgerigte inligting van persone wat op die hoogte van sake is.

c) Hoe meer inligting leerlinge het, hoe beter is hulle toegerus om 'n verantwoordbare keuse te maak.

d) Die wanindruk van die realiteite rondom beroepe word uitgeskakel.

e) Belangstelling word geprikkel.

f) Bewusmaking van geleenthede.

g) Dit is beter vir die kind om self met 'n werkgewer te gesels.

h) Leerlinge luister eerder na buitestaanders as onderwysers.

i) Onsekerhede word opgeklaar.

j) Die skoolvoorligter is nie op die hoogte van al die eise wat die beroepswêreld stel nie en ook nie van al die moontlikhede wat dit bied nie.

Drie (2,07%) respondente het "Nee" op hierdie vraag geantwoord. Slegs een respondent wat 'n "Nee"-antwoord aangebied het, het sy antwoord gespesifiseer - hy is van mening dat die feite wat deur werkgewers voorgehou word, soms 'n geidealiseerde beeld skep.

Drie (2,07%) respondente het nie gereageer nie.

5.5.3.2 Vertolking

Skoolvoorligters is van mening dat die skakeling van die skool met die openbare en private sektor leerlinge beter toerus om verantwoordbare beroepskeuses uit te oefen.

5.5.4 Vraag 17

Vraag 17 wou bepaal of skakeling met die openbare en private sektor die kwaliteit van beroepsvoorligting aan leerlinge verhoog (Bylaag A, vraag 17). Die antwoorde op hierdie vraag verskyn in tabel 5.17.

Tabel 5.17: Vraag 17

"Is u van mening dat skakeling met die openbare en private sektor die kwaliteit van beroepsvoorligting aan leerlinge verhoog?"

	N	%
JA	141	97,24
NEE	3	2,07
GEEN ANTWOORD	1	0,69
TOTAAL	145	100,00

5.5.4.1 Ontleding van die antwoorde

Volgens tabel 5.17 het 97,24% (141 uit 145) respondente positief op hierdie vraag geantwoord. Hulle het hulle antwoorde as volg gespesifiseer:

a. Dit is vir die skoolvoorligter onmoontlik om op die hoogte van sake te bly, en deur skakeling word hy beter toegerus.
b. Meer en resente inligting word bekom.
c. Leerlinge hoor nie net wat aan hulle gesê word nie, maar ervaar dit self.
d. Kundiges werk in hierdie sektore, en advies is gespesialiseerd.
e. Teorie en praktyk word gevolglik in verband met mekaar gebring.
f. Ander insigte en beter begrip wprd verkry.

Drie (2,07%) respondente het negatief op die vraag geantwoord. Net een van hierdie respondente het sy antwoord gespesifiseer. Hy meen die kwaliteit van beroepsvoorligting word nie verhoog nie / dit is slegs leemtes wat aangevul word.

Slegs een respondent het nie gereageer nie.

5.5.4.2 Vertolking

Volgens skoolvoorligters wat hierdie vraelys ingevul het, word die kwaliteit van beroepsvoorligting aan leerlinge verhoog deur skakeling met die openbare en private sektor. Hierdie faset van beroepsvoorligting aan leerlinge kan dus as noodsaaklik en van onskatbare waarde geag word.

5.5.5 Vraag 18

Tans vervul die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding 'n baie belangrike funksie ten opsigte van skakeling (kyk par. 3.5). Daarom moes daar vasgestel word of skoolvoorligters bewus is van die werksaamhede van hierdie komitee (Bylaag A, vraag 18). Die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 5.18 aangebied.

Tabel 5.18: Vraag 18

"Is u bewus van die werksaamhede van die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding?"

	N	%
JA	36	24,83
NEE	109	75,17
GEEN ANTWOORD	0	0
TOTAAL	145	100,00

5.5.5.1 Ontleding van die antwoorde

Na aanleiding van tabel 5.18 is slegs 24,83% (36 uit 145) respondente bewus van die werksaamhede van hierdie komitee, en 75,17% (109 uit 145) respondente is nie daarvan bewus nie.

5.5.5.2 Vertolking

Die oorgrote meerderheid respondente is nie bewus van die werksaamhede van die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding nie.

5.5.6 Vraag 19

Na aanleiding van vraag 18 wou vraag 19 bepaal hoeveel respondente gebruik maak van die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding (Bylaag A, vraag 19). Die antwoorde op hierdie vraag verskyn in tabel 5.19

Tabel 5.19: Vraag 19

"Maak u gebruik van die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding?"

	N	%
JA	16	11,03
NEE	123	84,83
GEEN ANTWOORD	6	4,14
TOTAAL	145	100,00

5.5.6.1 **Ontleding van die antwoorde**

11,03% (16 uit 145) respondente het aangedui dat hulle wel van die komitee gebruik maak, terwyl 84,83% (123 uit 145) aangedui het dat hulle nie daarvan gebruik maak nie. Respondente wat die komitee gebruik, doen dit op die volgende wyses:

Hulle verkry hulp by die reëling van loopbaanuitstallings, en een respondent het aangedui dat hy lid is van die komitee.

Ses respondente het nie geantwoord nie.

5.5.6.2 **Vertolking**

Ietwat teen die verwagting in was die bevinding dat baie min respondente van die komitee gebruik maak.

5.5.7 **Vraag 20**

Vraag 20 wou by die honderd drie-en-twintig skoolvoorligters wat in hulle antwoorde op vraag 19 aangedui het dat hulle nie die Komitee vir die koördinering

van beroepsinligting en beroepsleiding gebruik nie, vasstel waarom nie (Bylaag A, vraag 20). Die antwoorde op hierdie vraag word in tabel 5.20 aangebied.

Tabel 5.20: Vraag 20

"Indien u op vraag 19 "Nee" geantwoord het, verskaf die rede."

	N	%
a) Die skool is nie bekend met die komitee se werksaamhede nie	111	90,24
b) Die komitee se inlig=ting is nie skoolgerig nie	3	2,44
c) Ander	8	6,50
GEEN ANTWOORD	1	0,81
TOTAAL	123	100,00

5.5.7.1 Ontleding van die antwoorde

Volgens die antwoorde in tabel 5.20 maak 90,24% (111 uit 123) respondente nie gebruik van die komitee nie, omdat hulle nie bekend is met die werksaamhede van die komitee nie, 2,44% (3 uit 123) respondente is van mening dat die inligting van die komitee nie skoolgerig is nie, en 6,50 (8 uit 123) respondente het ander redes verstrek.

a. Afstand is vir baie skole 'n probleem.

b. Hulle weet nie hoe om met die komitee in aanraking te kom nie.

c. Daar is 'n gebrek aan tyd.

d. Daar is nie iemand om skakeling te bewerkstellig nie.

e. Die komitee is nie instaat om praktiese hulp te verleen nie.

Een respondent het nie geantwoord nie.

5.5.7.2 **Vertolking**

Die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding is op 1 November 1979 gestig (kyk par. 3.5). Die meeste van die skole aan wie hierdie vraelys versend is, maak egter nie van hierdie komitee gebruik nie (kyk vraag 19), omdat hulle, volgens tabel 5.20, nie met die werksaamhede van die komitee bekend is nie. Die bekendstelling van die komitee laat dus veel te wense oor. Die vraag ontstaan ook of die skoolvoorligters weet dat "My Loopbaan"/"My Career" 'n mondstuk van die komitee is (kyk par. 3.5). Hierdie vraag word bevestig deur respondente wat beweer dat hulle nie weet hoe om met die komitee in aanraking te kom nie.

5.5.6 Vraag 21

Hierdie vraag is in die vraelys opgeneem om die voorligtingonderwyser die geleentheid te bied om enige probleem in verband met skakeling te noem (Bylaag A, vraag 21).

5.5.8.1 Ontleding van die antwoorde

Respondente het baie goed geantwoord op hierdie vraag - 83,81% (121 uit 145) respondente het die geleentheid gebruik om probleme in verband met skakeling te noem. Daar is 'n groot mate van oorvleueling van probleme wat genoem is. Die volgende dien vermeld te word:

a. Onderwysers is nie positief gesind om leerlinge op beroepsuitstappies te laat gaan nie want daar is te veel druk op hulle ten opsigte van uitslae.
b. Tyd beskikbaar vir die Departementshoof: Opvoedkundige leiding vir skakeling, te midde van ander verpligtinge, is relatief min. Take wat nie 'n baas het nie, word dikwels op hom afgeskuif en werklike take ten opsigte van veroepsvoorligting ly daaronder.
c. Die program van die leerlinge in die middae is te vol vir skakeling.
d. Die program van die skool is te vol.
e. Die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement ten opsigte van buitestaanders is vir 'n aantal skoolvoorligters 'n probleem.
f. Skoolvoorligters weet nie met wie in die openbare en private sektor geskakel kan word nie.
g. Skole kry nie genoeg inligting nie.
h. Dit is bykans onmoontlik om inligting van die Suid-Afrikaanse Polisie te bekom.
i. Daar is geen hulp uit die onmiddellike omgewing (platteland) beskikbaar nie.

j. Leerlinge doen navraag by instansies om inligting en ontvang dikwels geen antwoord nie.

k. Sommige instansies laat na om resente inligting te verskaf. Die indruk ontstaan dat hulle meer toespits op skole wat afstandsgewys naby hulle is.

l. Sommige skakelpersone verstaan nie die skoolopset en beperkinge nie en stel onmoontlike eise.

m. Indien skole nie skakel nie, word daar nie geskakel nie.

n. Afstande bly 'n probleem.

o. Onkoste is te hoog.

p. Visuele materiaal is min.

q. Heelwat ondernemings maak nie voldoende reklame nie - soms weens ekonomiese redes.

5.5.8.2 Vertolking

Daar is heelwat probleme aan die kant van die skoolvoorligter en aan die kant van die openbare en private sektor wat skakeling nadelig beïnvloed en wat dus uit die weg geruim behoort te word ten einde skakeling te bevorder.

5.5.9 Vraag 22

Hierdie vraag bied aan die voorligtingonderwysers die geleentheid om enige aanbevelings in verband met skakeling te maak (Bylaag A, vraag 22).

5.5.9.1 **Ontleding van die antwoorde**

Goeie reaksie is van die respondente ontvang - 65,23% (95 uit 145) respondente het die volgende aanbevelings gemaak:

a. Die Transvaalse Onderwysdepartement behoort sy beleid ten opsigte van buitestaanders in heroorweging te neem.

b. Die posomskrywing van die Departementshoof: Opvoedkundige leiding behoort duideliker te wees.

c. Respondente vra om meer skakeling. Volgens hulle kan daar nie te veel skakeling wees nie.

d. Inligtingsbrosjures kan meer omvatted wees.

e. Meer geleentheid om persone op 'n gereelder basis, veral na skool, te ontvang kan skakeling bevorder.

f. Dit sal waardeer word indien instansies hulle adresse en telefoonnommers beskikbaar kan stel vir skakeling.

g. Kundiges behoort onder toesig van die beroepsvoorligter kinders gedurende skooltyd toe te lig.

h. Skoolhoofde behoort tyd vir skoolvoorligters in te ruim sodat skakeling moontlik is.

i. Die openbare en private sektor behoort self meer betrokke te raak by skole.

j. Skoolvoorligters vra groter vryheid ten opsigte van skakeling met buite-instansies.

k. Beskikbaarstelling van inligting op 'n gereelder grondslag kan ook skakeling bevorder en so die skoolvoor= ligter se taak aansienlik vergemaklik.

l. Die samewerking van die personeel in dié verband moet verkry word.

m. Besoeke vroeër in die jaar is meer werd as besoeke aan die einde van die jaar.

n. Op die een of ander manier (byvoorbeeld simposia) behoort die betrokke partye bymekaar uit te kom sodat probleme uitgestryk kan word en werkswyses beplan kan word.

o. Respondente beveel aan dat 'n skakelpersoon in elke streek inligtingstukke versprei.

p. Riglyne vir eenvormige skakeling op gekoördineerde basis kan baie struikelblokke uit die weg ruim.

5.5.9.2 Vertolking

Daar is heelwat sinvolle aanbevelings wat skakeling van die skoolvoorligter met die openbare en private sektor aansienlik kan vergemaklik. Hierdie aanbevelings behoort opgevolg te word.

5.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is vraelysantwoorde met betrekking tot skakeling van die skoolvoorligter met die openbare en private sektor aangebied en bespreek.

In hoofstuk 6 word die teoretiese en empiriese gegewens saamgevat en enkele gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Inleiding

Ten einde die skakeling van skoolvoorligters met die openbare en private sektor in perspektief te plaas, was dit eerstens nodig om die onderwerp vanuit die literatuur te bestudeer. Tweedens was dit nodig om empiries, aan die hand van 'n vraelys, by skoolvoorligters vas te stel wat die huidige stand van skakeling met die openbare en private sektor is.

Nadat die samevatting van die literatuurstudie en empiriese ondersoek gegee is, sal gevolgtrekkings waartoe gekom is, aangebied word. In die lig van beide die literatuurstudie en die empiriese ondersoek sal daar enkele aanbevelings gemaak word.

6.2 Samevatting

6.2.1 Probleemstelling

Na aanleiding van gesprekke met skoolvoorligters, studente en ander betrokkenes sowel as simposia wat in hierdie verband aangebied is, is die aanduiding dat daar leemtes in die huidige skoolvoorligtingstelsel bestaan. Hierdie leemtes sal opgehef moet word, sodat skoolvoorligting tot sy reg kan kom. In hierdie verband kan die openbare en

private sektor 'n belangrike bydrae lewer deur noodsaaklike en resente inligting uit die beroepswêreld aan die skoolvoorligter beskikbaar te stel (kyk par. 1.2).

6.2.2 Doel van die ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek was tweeledig van aard. Eerstens om skakeling tussen skoolvoorligters aan Transvaalse sekondêre skole en die openbare en private sektor vanuit die literatuur te ondersoek. Tweedens om empiries te bepaal wat die aard/stand van skakeling tussen skoolvoorligters aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal en die openbare en private sektor is (kyk par. 1.3).

6.2.3 Begripsomskrywing

Die openbare sektor is omskryf as daardie sektor waar die staat/owerheid geheel of gedeeltelike beheer uitoefen, terwyl die privaatsektor daardie sektor is waar die staat/owerheid geen direkte beheer het nie (kyk par. 1.6).

6.2.4 Beginsels van skoolvoorligting

Alle leerlinge het gelyke toegang tot skoolvoorligting, en kulturele verskille, die vryheid van keuse en elke kind se menswaardigheid moet eerbiedig word. Voorligting is gebaseer op die samewerking van die kind in 'n doelgerigte program wat op 'n deurlopende grondslag deel is van die opvoedingshandeling. Opgeleide voorligteronderwysers is as

'n belangrike beginsel uitgewys, en daar is ook aanbeveel dat dringend aandag gegee moet word aan die registrasie van skoolvoorligters. Voorligtingsmetodes moet deurgaans geëvalueer word, en skakeling met die openbare en private sektor is ook as 'n beginsel van skoolvoorligting aangedui (kyk par. 2.2).

6.2.5 Wesenskenmerke van skoolvoorligting

Skoolvoorligting is 'n onafhanklike, selfstandige vakgebied. Dit geskied in die lig van kultuuropvatting en berus op 'n bepaalde mensbeskouïng. Skoolvoorligting geskied in die lig van 'n eie lewensopvatting en berus op 'n besondere waardesisteem. Verder behels skoolvoorligting opvoeding tot en voorbereiding vir volwassenheid, vereis noodsaaklike voorkennis en deskundige opleiding, en dit geskied aan die hand van sinvolle kurrikulêre inhoud wat doelgerig aangebied word as 'n oorkoepelende aktiwiteit en 'n deurlopende opvoedingshandeling. Skoolvoorligting stel ook die eis van voortdurende navorsing (kyk par. 2.3).

6.2.6 Die doelstellings van skoolvoorligting

Die doel van persoonlikheidsvoorligting impliseer steungewing tot selfontdekking en selfbegrip, tot kennis en begrip van die lewenseise en steungewing tot selfverwesenliking en ook identifisering en uitskakeling van steuringsfaktore.

Die doel van opvoedkundige voorligting impliseer verskaffing van inligting, die voer van persoonlike onderhoude, evaluering van die kind met die oog op identifikasie van leer- en ander probleme en ook die oriëntering van leerlinge, hulle ouers en selfs onderwysers.

Die doel van skoolvoorligting is om inligting te voorsien wat vir die leerling by die keuse van 'n beroep van nut kan wees. Dit is belangrik om vroeg reeds by die kind 'n positiewe bewustheid van die beroepswêreld te ontwikkel (vgl. par. 2.4).

6.2.7 Skoolvoorligtingprogram in Transvaalse sekondêre skole (kyk hfst. 3)

Met die indeling van inhoud vir die onderskeie standerds word daar ten opsigte van elke standerd 'n besondere doel gestel. Die inhoud is in ooreenstemming met die doel ingeklee. Benewens die besondere inhoud vir elke standerd moet die algemene doelstellings van skoolvoorligting voortdurend in ag geneem word. Die skoolvoorligtings= program is formeel en verpligtend vir sekondêre skole en veronderstel die aanstelling van toepaslik opgeleide personeel, asook die voorsiening van bepaalde fisiese geriewe en tyd in die skoolprogram.

6.2.8 Organisasie en postestruktuur van die skoolsielkundige en voorligtingsdiens van die Transvaalse Onderwysdepartement

In sy huidige vorm bestaan die diens uit 'n Hoofsuperintendent van Onderwys: Opvoedkundige Hulpdiens wat beheer uitoefen oor Onderwyshulpsentrums en Kinderleidingklinieke. Hierdie sentrums en klinieke word in streke en komprehensiewe eenhede in Transvaal aangetref. Elke sentrum en kliniek het die dienste van vyf verskillende dissiplines beskikbaar, te wete Onderwysadviseurs: Loopbaanaangeleenthede, Onderrigaangeleenthede, Opvoedingsaangeleenthede, Voorligting en Spraak-, stem-, taal- en gehooraangeleenthede.

Transvaal is in ses streke verdeel. In elke streek is die betrokke Hoofsuperintendent van Onderwys: Streek ook hoof van die hulpdiens. Kliniekskole word bedien deur die Onderwysadviseur: Opvoedingsaangeleenthede (kyk par. 3.3).

6.2.9 Die personeel betrokke by skoolvoorligting

'n Doeltreffende skoolvoorligtingprogram kan nie los van die skool se opvoedkundige en onderwysaktiwiteite funksioneer nie. Daarom is almal wat met die kind gemoeid is, ook in 'n mindere of meerdere mate by hierdie program betrokke. Vir die doel van hierdie studie is volstaan met die take van die skoolhoof, die Departementshoof: Opvoedkundige leiding, die voorligteronderwyser en die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede (kyk par 3.4).

6.2.10 Huidige skakeling in skoolvoorligting

Na breedvoerige samesprekings tussen die Departement van Mannekrag, die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingsraad se Instituut vir Personeelnavorsing en die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing wat tussen 1977 en 1979 plaasgevind het, is die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting op 1 November 1979 gestig. In 1981, op grond van 'n aanbeveling van die Nasionale Mannekragkommissie en voorstelle van die Wiehahn-verslag, is daar besluit om die koördinering van beroepsleiding ook by die komitee se werksaamhede in te sluit. Die komitee staan sedertdien bekend as die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding.

Die taak van die komitee behels die ondersoek van die terreine van beroepsinligting en beroepsleiding, die koördinering van navorsing oor en die insameling, sistematisering en disseminering van beroepsinligting, asook die koördinering van beroepsleidingsdienste. Die komitee doen van tyd tot tyd verslag van sy werksaamhede in My Loopbaan/My Career (vgl. par. 3.5).

6.2.11 Bepaalde behoeftes en knelpunte asook positiewe punte met betrekking tot skoolvoorligting

Bepaalde behoeftes en knelpunte asook 'n aantal positiewe punte is deur die RGN, dagsimposia en ander navorsers geïdentifiseer en kortliks bespreek.

6.2.12 Doel van die empiriese ondersoek

Die doelstellings van die empiriese ondersoek was om empiries te bepaal wat die aard/stand van skakeling van skoolvoorligters aan Afrikaansmedium sekondêre skole in Transvaal met die openbare en private sektor is en om vas te stel wat die houding van skoolvoorligters ten opsigte van skakeling met die openbare en private sektor is (kyk par. 4.2)

6.2.13 Keuse van die ondersoekmiddel

Persoonlike besoeke aan skoolvoorligters by sekondêre skole in Transvaal en die vraelysmetode het as navorsingsmetodes elk besondere voor- en nadele. Daar is ná deeglike oorweging op die vraelysmetode besluit om die verlangde inligting te bekom. Die voor- en nadele van die kriteria van die vraelys as ondersoekmetode is bespreek, en die vraelys vir hierdie ondersoek is aan die hand van die kriteria ontwikkel (kyk par. 4.3).

6.2.14 Samestelling van die vraelys

Die motivering vir die ontwerp van die vraelys, die keuse van die soort items, die eerste en finale redaksie van die vraelys sowel as die groepering van die vrae, die lengte, anonimiteit en voorkoms van die vraelys is in par. 4.4.2 aangebied.

Aandag is ook op die begeleidende brief, die opvolgbrief en terugontvangste gevestig.

6.2.15 Aanbieding, analise en interpretering van die vraelysresponse (vgl. hfst. 5)

Die totale terugontvangste wat op 84,30% (145 uit 172) te staan gekom het, is gerekenariseer, en aan die hand van 'n rekenaaruitdruk is die data getabelleer. Die data is met betrekking tot bepaalde hoofsake kronologies aangebied, geanaliseer en geïnterpreteer.

6.3 Gevolgtrekkings

Op grond van die voorafgaande literatuurstudie en die empiriese ondersoek kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word.

6.3.1 Skoolvoorligtingprogram in Transvaalse sekondêre skole

Die skoolvoorligtingprogram van die Transvaalse Onderwysdepartement vir sekondêre skole is omvattend van aard. Vanaf standerd 6 word reeds voorsiening gemaak vir naskoolse opleiding en algemene loopbaanverkenning wat beroepsinligting vereis. Vanaf standerd 8 word in die program voorsiening gemaak vir besoeke aan werkgewende en opleidingsinstansies. In standerd 9 volg 'n finale beroepskeuse. Hieruit volg dat skakeling met die openbare en private sektor 'n noodsaaklikheid is ten einde resente inligting uit die beroepswêreld te bekom en ook om sinvolle besoeke asook loopbaanuitstallings te reël.

6.3.2 Huidige skakeling in skoolvoorligting

Met die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding wat in 1979 gestig is (par. 3.5), word voorsiening gemaak vir 'n oorkoepelende instansie om beroepsinligting in te samel, te sistematiseer en te versprei. 'n Wye verskeidenheid instansies wat die staatsdiens en openbare sektor verteenwoordig, dien in die komitee. Hieruit volg dat daar reeds 'n aanvaarbare komitee bestaan wat skakeling aansienlik kan vergemaklik deurdat alle beroepsinligting hier versamel word.

6.3.3 Onderwysbeleid en skakeling met buitestaanders

Die skoolvoorligtingprogram stel dit dat die voorligteronderwyser ná skoolure beskikbaar behoort te wees om onderhoude met, onder andere, verteenwoordigers van werkgewende en opleidingsinstansies te voer. Skakeling met die beroepswêreld is ook een van die take in die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede se pligstaat. Onderwysbeleid bepaal ook dat buitestaanders voorligting in verband met loopbane slegs deur bemiddeling van Onderwysadviseurs: Loopbaanaangeleenthede en voorligtingonderwysers aan leerlinge mag verskaf. Loopbaanuitstallings wat by skole en elders georganiseer word, is slegs na ure vir leerlinge en hulle ouers toeganklik. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat voorsiening vir skakeling wel gemaak is.

6.3.4 Bepaalde leemtes en knelpunte met betrekking tot skoolvoorligting

'n Aantal behoeftes en knelpunte met betrekking tot skoolvoorligting is geïdentifiseer (par. 3.8). Die skoolhoof se gesindheid jeens en sy ontoereikende kennis van skoolvoorligting is uitgewys. Navorsing toon dat onderwysers wat vir skoolvoorligting aangestel word, dikwels nie vir die werk opgelei is nie. Dit blyk ook dat die skoolvoorligtingprogram by baie skole nie na behore toegepas word nie. Ontoereikende fisiese fasiliteite (lokale, meubels, toerusting en hulpmiddels) is waarskynlik een van die grootste knelpunte. 'n Opname het getoon dat daar skole is waar daar geen onderhoudperiodes op die skoolrooster bestaan nie. Ontoereikende hulp met betrekking tot die organisering, instandhouding en beskikbaarstelling van skoolvoorligting (administrasie) is waarskynlik 'n belangrike rede waarom skoolvoorligting nie tot sy reg kom nie. Daar is ook deur die RGN aangedui dat die inspektoraat nie behoorlike beheer en kontrole oor skoolvoorligting kan uitoefen nie. 'n Verdere knelpunt in hierdie verband is dat die inspektoraat wat vir skoolvoorligting aangestel word, nie altyd gespesialiseerde opleiding vir hierdie taak ontvang het nie. Skakeling is ook uitgewys as 'n belangrike behoefte. Die gevolgtrekking is dat daar behoeftes en knelpunte is wat die geslaagde uitvoering van die skoolvoorligtingprogram ernstig benadeel. Die meeste van hierdie probleme kan egter opgelos word en verdien dus die betrokkenes se daadwerklike aandag.

6.3.5 Positiewe punte met betrekking tot skoolvoorligting

Positiewe punte met betrekking tot skoolvoorligting is ook vasgestel. Die belangrikste hiervan is dat skoolvoorligting wel as vak bestaansreg geniet en deur sommige mense baie hoog aangeslaan word. Daar is ook bevind dat die bestaande skoolvoorligtingprogram alle noodsaaklike aspekte dek. Die Transvaalse Onderwys= departement beskik oor goeie strukture met die oog op skoolvoorligting. Hieruit volg dat daar belangrike positiewe punte is waarop betrokkenes behoort te bou en uit te brei.

6.3.6 Skakeling met die openbare en private sektor

Uit die response word die gevolgtrekking gemaak dat daar wel skakeling met die openbare en private sektor bestaan - meer met die openbare as met die privaatsektor en meer met die privaatsektor in die plaaslike omgewing as met die privaatsektor as sodanig.

6.3.7 Noodsaaklikheid van skakeling van skoolvoorligters met die openbare en private sektor

Na aanleiding van respondente se reaksie word die gevolgtrekking gemaak dat skoolvoorligters wat nie skakeling met die openbare en private sektor het nie, 'n behoefte aan sodanige skakeling het, en die wat wel skakeling het, het 'n behoefte aan voortgesette en verbeterde skakeling.

6.3.8 Aard en praktyk van skakeling met die openbare en private sektor

Uit die response op die vrae in hierdie verband volg dit dat die meeste skole slegs van tyd tot tyd inligtingstukke van die openbare en private sektor ontvang. 'n Beduidende aantal skole ontvang besoekers vanuit die openbare en private sektor, maar daar is ook 'n groot getal skole wat nie besoekers ontvang nie. Die meeste skole reël uitstappies of besoeke aan die openbare en private sektor. Respondente wat nie sodanige uitstappies of besoeke reël nie, se vernaamste rede is 'n gebrek aan geld, waarna tyd, afstand, vervoer en die Onderwysdepartement se beleid as ander redes aangegee is. Die meeste skole reël loopbaandae/-uitstallings. Skole wat dit nie doen nie, se vernaamste redes is tyd, die Onderwysdepartement se beleid (slegs ná skoolure), geld en 'n gebrek aan persone om reëlings te tref. Daar is ook 'n beduidende persentasie respondente wat glo dat dit nie die skool se taak is om sodanige dae of uitstallings te reël nie. Skakeling vir genoemde aangeleenthede geskied hoofsaaklik op inisiatief van die skool.

6.3.9 Waarde van skakeling met die openbare en private sektor

Die gevolgtrekking is dat skakeling met die openbare en private sektor leerlinge beter toerus om verantwoordbare beroepskeuses uit te oefen en dat dit die kwaliteit van skoolvoorligting verhoog. Die oorgrote meerderheid skole maak nie gebruik van die Komitee vir die koördinering van

beroepsinligting en beroepsleiding nie, omdat hulle nie bekend is met die komitee se werksaamhede nie.

6.4 Aanbevelings

In die lig van wat in hierdie navorsing gevind is, word die volgende aanbevelings gedoen:

6.4.1 Hernieude bekendstelling van die Komitee vir die koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding

Genoemde komitee kan 'n baie belangrike bydrae ten opsigte van skakeling lewer. Dit is egter tans nie die geval nie, en daar word aanbeveel dat:

6.4.1.1 die privaatsektor in die komitee geakkommodeer word en

6.4.1.2 dat die komitee 'n daadwerklike bekendstellingsveldtog onder alle betrokkenes loods.

6.4.2 Besinning deur die Transvaalse Onderwysdepartement rakende die Onderwysbeleid en buitestaanders

Uit hierdie navorsing blyk dit dat baie skoolvoorligters as gevolg van die Onderwysdepartement se beleid nie met die openbare en private sektor skakel nie. In die lig hiervan word aanbeveel dat:

6.4.2.1 daar kennis geneem moet word van die Onderwysdepartement se beleid rakende buitestaanders,

6.4.2.2 afgevaardigdes uit die openbare en private sektor vryer toegang tot skole tydens skoolure kry,

6.4.2.3 leerlinge loopbaandae/-uitstallings tydens skoolure mag bywoon, en

6.4.2.4 sodat die vennootskap tussen die Transvaalse Onderwysdepartement en die openbare en private sektor in die opvoeding (en opleiding) van kinders beklemtoon word en 'n brug gebou word tussen die Onderwysdepartement en die openbare en private sektor.

6.4.3 Betrokkenheid van die openbare en private sektor

Hierdie navorsing het getoon dat skakeling hoofsaaklik op skole se inisiatief geskied. Daarby het skole probleme met tyd, afstand, vervoer en geld. Daarom word aanbeveel dat die openbare en private sektor die inisiatief neem en die skole besoek.

6.5 Slotopmerking

In die lig van hierdie navorsing is dit duidelik dat skoolvoorligters 'n behoefte aan skakeling met die openbare en private sektor het. Verder herbeklemtoon hierdie navorsing die bevindinge van die RGN se Werkkomitee: Voorligting (1981), en as sodanig vind die aanbevelings voortspruitend uit hierdie navorsing noue aansluiting by die aanbevelings van die RGN se Werkkomitee (RGN, 1981:92).

Skakeling verhoog die kwaliteit van skoolvoorligting, en leerlinge word beter toegerus om verantwoordbare beroepskeuses uit te oefen. Daarom is dit 'n onmisbare komponent van die skoolvoorligtingprogram en moet alle betrokkenes aangemoedig word om sodanige skakeling te bevorder.

BRONNELYS

ANON. 1983. Verwelkomingswoord aan gassprekers en lede van die Komitee vir koördinering van beroepsinligting en beroepsleiding. 27 September 1983, Pretoria.

ARY, D., JACOBS, L.C. & RAZAVIEH, A. 1972. Introduction to research in education. New York: Holt, Rinehart & Winston.

BEUKES, J.H. 1982. Skoolvoorligting van die afdeling Kleurlingonderwys. Pretoria: RGN.

BEUKES, J.H. 1985. Motivering vir naskoolse opleiding en beroepstoetrede: Faktore wat standerd 10-leerlinge se keuses beïnvloed. Pretoria: RGN.

BORG, W.R. & GALL, M.D. 1979. Educational research. London: Longman.

COHEN, L & MANION, L. 1980. Research methods in education. London: Croom Helm.

DE WET, J.J., DE K. MONTEITH, J.L., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. Durban: Butterworth.

DOWNING, L.N. 1986. Guidance and counselling services: An introduction. New York: McGraw-Hill.

GAY, L.R. 1976. Educational research: competencies for analysis and application. Ohio: Charles E. Merril.

GIBSON, R.L., HIGGENS, R.E. & MITCHELL, M.H. 1983. Development and management of counselling programmes and guidance services. New York: McMillan.

GIBSON, R.L. & MITCHELL, M.H. 1981. Introduction to guidance. New York: McMillan.

GOTHARD, B. 1987. The provision of guidance services. **Bulletin of the International Bureau of Education**, 1st and 2nd quarters, 61 (242/243), UNESCO.

HOPKINS, C.D. 1976. Educational research: A structure for inquiry. Ohio: Charles E. Merril.

HUGHES, P.M. 1971. Guidance and counselling in schools. New York: Perganon Press.

JACOBS, C.D. 1985. Kurrikulumstudie: Beroepsoriënterings= perspektief. (Deel van 'n reeks referate met die tema: Kurrikulumnavorsingsperspektiewe, gehou gedurende April 1985 by die Universiteit van Pretoria)

JACOBS, C.D., VAN JAARSVELD, N.H. & VON MOLLENDORF, J.W. 1988. Beroepsvoorligting vir die hoër- en laerskool: 'n Handleiding vir die onderwyser. Menlopark: Housensus.

JOUBERT, C.J., red. 1985. Beroepsoriëntering. Pretoria: HAUM.

KENNEKE, L.J. 1973. Planning and organizing career curricula: articulated education. New York: Howard W. Sams and Co., inc.

KOMITEE VIR DIE KOöRDINERING VAN BEROEPSINLIGTING EN - LEIDING: Notules van vergaderings gehou op 1 November 1979 en 27 Maart 1980 te Pretoria.

KOMITEE VIR DIE KOöRDINERING VAN BEROEPSINLIGTING EN - LEIDING, 1980. Koördinering van beroepsinligting. **My Loopbaan/My** Career, Februarie 1980, p.3.

KOMITEE VIR DIE KOöRDINERING VAN BEROEPSINLIGTING EN - LEIDING, 1981. Verslag. **My Loopbaan/My** Career,November 1981, p.210.

KRUGER,H.B. 1978. Voorligting as taak van die opvoeder (Referaat gelewer tydens 'n simposium oor voorligting op 30 September 1978 te Potchefstroom).

KRUGER,H.B. 1980. Algemene skoolvoorligting vir onderwysstudente. Durban: Butterworth.

KRUGER,H.B. 1984. Voorligting aan die junior sekondêre leerling. (Referaat gelewer tydens 'n simposium oor voorligting op 26 Oktober 1983 te Potchefstroom).

KRUGER, H.B. 1987. Skoolvoorligting. Diktaat 56/87, PU vir CHO, Potchefstroom.

LAMPBRECHT, J.C. 1986. Die rol en plek van beroepsvoorligting in 'n veranderende Suid-Afrika (Referaat gelewer tydens vakdidaktieksimposium, Oktober 1986, RAU).

LEE, I.H. 1987. Careers education in the 1980's. **Bulletin of the International Bureau of Education**, 1st and 2nd quarters, 61 (242/243), UNESCO.

LIEBETRAU, J.P. 1983. Die noodsaaklikheid van beroepsvoorligting en die nie-formele onderwys (Referaat gelewer tydens Opvoedkunde-Vereniging van Suid-Afrika (OVSA)-Kongres gedurende Januarie by UOVS te Bloemfontein).

LIEBETRAU, J.P. 1987. Handleiding vir algemene skoolvoorligting. Kaapstad: Perskor.

LOVELL, K. & LAWSON, K.S. 1970. Understanding research in education. London: University of London.

MAKINDE, O. 1984. Fundamentals of guidance and counselling. London: Macmillan Publishers.

MARAIS, J.L. 1977. Geestesweerbaarheidsprogram. Potchefstroom: (Verhandeling (M.Ed) -PU vir CHO).

MARAIS, J.L. 1982. Voorligting in die primêre skool. Potchefstroom: (Proefskrif (D.Ed) - PU vir CHO).

MARAIS, J.L. 1988(a). Die gebruik van humor in beroepsvoorligting (Referaat gelewer tydens vakdidaktieksimposium op 28-30 September by UPE te Port Elizabeth).

MARAIS, J.L. 1988(b). Studierigting- en beroepskeuse= voorligting aan universiteitstudente - 'n soeklig op die leemtes. **Fokus**, (16 Augustus), Potchefstroom.

MARAIS, J.L. 1988(c). Die opleiding van voorligteronderwysers in die RSA. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde**, 1988 8(2):109.

MARAIS, J.L. 1988(d). Humor in persoonlikheidsvoorligting. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde**, 1988 8(3): 240.

MARAIS, J.L. 1988(e). Humor in opvoedkundig-akademiese voorligting: Doeltreffende onderwys. **Publikasiereeks van OVSA**, 22.

MINKOFF, H.B. 1985. Counsellors, career guidance and community linkages. **Career Guidance**, January 1985.

MOULY, G.J. 1978. Educational research. Toronto: Allyn & Bacon.

OOSTHUIZEN, J.D. 1982. Identiteitsvorming as taak van skoolvoorligting (Uit Educare 11(11), 1982; Intreerede, UNISA).

PIETROFESA, BERNSTEIN, MINOR & STANFORD, 1980. Guidance: An introduction. Chicago: Rand McNally College Publishing Company.

REINHART, 1979. Career education: From concept to reality. New York: Mcgraw-Hill.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1978. Skoolvoorligting: Beginsels en metodes. RGN-voorligtingreeks VR 1, Pretoria.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Voorligting: Verslag van die werkkomitee, Pretoria.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1984. Skoolvoorligtingstelsels in die RSA: Werk=komiteeverslag 0-158, Pretoria.

RICHTER-HIGGENS, R. & WATT, J. 1984. Vocational guidance - its role in productivity improvement. IPB Manpower magazine, 3(4) August.

ROGERS, B. 1984. Careers education and guidance: a handbook and guidance to careers education, guidance and training. Cambridge: Hobsons Limited.

SHERTZER, B. & STONE, S.C. 1976. Fundamentals of guidance - 3rd edition. Boston: Houghton Mifflin Company.

STEFFLRE, B. 1980. Theories of counselling. New York: McGraw-Hill.

STEYN, I.N. 1977. Die implementering van die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys in die Oranje-Vrystaat. Potchefstroom: (Proefskrif (D.Ed.) - Pu vir CHO).

SUID-AFRIKA (Republiek). Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika. No. 10171, Maart 1986. Staatsdrukker, Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika. No. 10450, September 1986. Staatsdrukker, Pretoria.

THOMPSON, J.F. 1973. Foundations of vocational education - social and philosophical concepts. New Jersey: Prentice-Hall.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT, 1977. Omsendminuut 136 van 1977. Die voorgestelde voorligtingsprogram. Pretoria.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT, 1978. Omsendminuut 20 van 1978. Voorgestelde program vir beroepsleiding in die sekondêre skool. Pretoria.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT, 1986(a). Die beroepsvoorligtingprogram in die sekondêre skool. Pretoria.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT, 1986(b). Riglyne vir die implementering van beroepsvoorligting deur die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede en die Opvoedkundige Sielkundige: Beroepsvoorligting. (Simposium vir Onderwysadviseurs: Loopbaanaangeleenthede en Opvoedkundige Sielkundiges: Beroepsvoorligting, 14-16 Julie 1986. Opsteller: Dr. H.J. Steyn). Pretoria.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT, 1986(c). Handleiding vir algemene skoolorganisasie.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT, 1988(Lesing 1). Die DSO se pligstaat met spesiale verwysing nageestesweerbaarheid en fisieke aktiwiteite (dogters). (Streekkursus in beroepsleiding in sekondêre en spesiale skole, April 1988. Opgestel deur: B.J. de Lange). Pretoria.

TRAVERS, R.M.W. 1978. An introduction to educational research. London: Macmillan.

TURNEY, B. & ROBB, G. 1971. Research methods in education. London: Croom Helm.

VAN DER WATT, C.J., red. 1985. Loopbaanontwikkeling en Mannekragbenutting - 'n toekomsperspektief. (Verrigtinge van 'n dagsimposium te PU vir CHO, 25 Oktober 1985). Potchefstroom.

VENTER, R. 1988. Kan u bybly? (Redaksioneel). **Kompas**, 13:2, April 1988, Potchefstroom.

VISSER, B. 1981. Beroepsvoorligting - 'n soeklig op die leemtes. Scientiae, 22(3): 2 Julie.

VOCKELL, E.L. 1983. Educational Research. New York: Macmillan.

WALKER, R. 1985. Doing research: a handbook for teachers. London: Methuen.

WEINRACH, S.G. 1980. Career counselling. New York: McGraw-Hill.

WEINRACH, S.G. 1987. The role of educational and occupational information in careers guidance. **Bulletin of the international bureau of education**, 1st and 2nd quarters, 61(242/243),UNESCO.

YOUNGMAN, M.B. 1978. Designing and analysing questionaires. University School of Education, Nottingham.

ONDERHOUDE

SCHUTTE, P. 1986. Mondelinge mededeling, PU vir CHO, Potchefstroom.

VAN HEERDEN, B.W.J. 1988. Mondelinge mededeling, Transvaalse Onderwysdepartement (Hulpdienste), Witbank.

VRAELYS AAN PERSOON/PERSONE VERANTWOORDELIK VIR DIE AANBIEDING VAN BEROEPS-VOORLIGTING

ALGEMENE AANWYSINGS

* Hierdie vraelys is opgestel om u mening in verband met die skakeling van voorligteronderwysers met die openbare (semi-staat bv. EVKOM, YSKOR, ens.) en private sektore te bekom.
* Die inligting wat met hierdie vraelys bekom word, word slegs vir navorsings-doeleindes gebruik en sal streng vertroulik behandel word.
* 'n Vraag word beantwoord deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te trek.

Voorbeeld

Hoeveel tyd behoort daar volgens u mening aan skoolsang gewy te word?

a.	Een halfuur periode per week	X 1
b.	Een uur per week	2
c.	Een uur per termyn	3
d.	Ander	4

ooooo0000000000ooooo

SKAKELING MET DIE OPENBARE EN PRIVATE SEKTORE

1. Bestaan daar skakeling tussen u skool en die openbare sektor?

Ja		1
Nee		2

(4

2. Bestaan daar skakeling tussen u skool en die private sektor?

Ja		1
Nee		2

(5

3. Het u skool skakeling met die private sektor in u plaaslike omgewing?

Ja		1
Nee		2

(6

NOODSAAKLIKHEID VAN SKAKELING VAN BEROEPSVOORLIGTERS MET DIE OPENBARE EN PRIVATE SEKTORE

4. Indien u op vraag 1 en/of 2 en/of 3 "Nee" geantwoord het, meen u dat sodanige skakeling wel noodsaaklik is?

Ja		1
Nee		2

(7

5. Indien u op vraag 4 "Nee" geantwoord het, dui aan wat die rede daarvoor is en beantwoord dan slegs vrae 18, 19, 20, 21 en 22.

(a) Die bestaande program voorsien genoegsaam in leerlinge se beroepsbehoeftes | 1 |

(b) 'n Gebrek aan tyd op die skoolrooster bemoeilik skakeling | 2 |

(c) Die skool beskik nie oor 'n opgeleide skoolvoorligter om professionele skakeling te bewerkstellig nie | 3 | (8)

(d) Openbare en private sektore lewer nie 'n daadwerklike bydrae tot leerlinge se beroepskeuses nie | 4 |

(e) Openbare en private sektore sal moontlik die situasie misbruik deur "skakeling" vir werwing te gebruik | 5 |

(f) Ander redes | 6 |

Indien "Ander redes", spesifiseer:

_____

_____

AARD EN PRAKTYK VAN DIE SKAKELING MET DIE OPENBARE EN PRIVATE SEKTORE

6. Ontvang u skool inligtingstukke, brosjures van die openbare en private sektore?

(a) Op 'n maandelikse basis | 1 |

(b) Per termyn | 2 |

(c) Jaarliks | 3 | (9)

(d) Van tyd tot tyd | 4 |

(e) Slegs op aanvraag | 5 |

(f) Ander | 6 |

Indien "Ander", spesifiseer:

_____

_____

7. Ontvang u skool van tyd tot tyd besoekers vanuit die openbare en private sektore om leerlinge voor te lig?

Ja | 1 | (10)

Nee | 2 |

8. Indien u op vraag 7 "Ja" geantwoord het, op watter basis geskied sodanige besoek?

(a) Individuele besoekers | 1 |

(b) Groepe besoekers | 2 | (11)

(c) Ander | 3 |

Indien "Ander", spesifiseer:

_____

_____

9. Reël u skool van tyd tot tyd vir die leerlinge uitstappies of besoeke aan instansies in die openbare en private sektore?

Ja	1	(12)
Nee	2	

10. Indien u op vraag 9 "Nee" geantwoord het, dui aan wat die rede daarvoor is:

(a) Dit is nie die skool se taak om sodanige besoeke te reël nie	1	
(b) Die leerlinge het nie 'n behoefte aan sulke uitstappies of besoeke nie	2	
(c) Die skool is in 'n plattelandse omgewing geleë en sodanige skakeling is nie nodig nie	3	(13)
(d) Gebrek aan persone om reëlings te tref	4	
(e) Gebrek aan fondse vir sulke uitstappies of besoeke	5	
(f) Ander	6	

Indien "Ander", spesifiseer

_____

_____

11. Reël u skool van tyd tot tyd loopbaandae/-uitstallings in samewerking met die openbare en private sektore?

Ja	1	(14)
Nee	2	

12. Indien u op vraag 11 "Nee" geantwoord het, dui aan wat die rede daarvoor is:

(a) Dit is nie die skool se taak om sodanige dae of uitstallings te reël nie	1	
(b) Die leerlinge het nie 'n behoefte aan loopbaandae/-uitstallings nie	2	
(c) Die skool is in 'n plattelandse omgewing geleë en sulke dae of uitstallings is nie nodig nie	3	(15)
(d) Gebrek aan persone om reëlings te tref	4	
(e) Gebrek aan fondse vir sulke dae of uitstallings	5	
(f) Ander	6	

Indien "Ander", spesifiseer:

_____

_____

13. Indien u op vraag 9 en 11 "Ja" geantwoord het, dui aan op wie se inisiatief die besoeke aan instansies in die openbare en private sektore en/of die loopbaanuitstalling met die openbare en private sektore gereël is:

(a)	Die skoolhoof	1
(b)	Die departementshoof: opvoedkundige leiding	2
(c)	Die departementele vakkundige: loopbaanaangeleenthede	3 (16)
(d)	Die skoolvoorligter	4
(e)	Die openbare en/of private sektore	5
(f)	Ander	6

Indien "Ander", spesifiseer:

_____

_____

WAARDE VAN SKAKELING MET DIE OPENBARE EN PRIVATE SEKTORE

14. Beskou u as skoolvoorligter die gehalte van u skool se skakeling met die openbare en private sektore as:

(a)	Baie goed	1
(b)	Goed	2 (17)
(c)	Bevredigend	3
(d)	Swak	4

15. Indien u op vraag 14 "Baie goed" of "goed" geantwoord het, dui aan wat u as die belangrikste rede vir sodanige skakeling sien

(a)	Die skool is binne nywerheidsgebied geleë	1
(b)	Die skool is binne 'n stedelike kompleks (nywerhede aanwesig) geleë	2 (18)
(c)	Goeie samewerking tussen betrokkenes	3
(d)	Goeie belangstelling in skole van openbare en private sektore se kant	4
(e)	Ander	5

Indien "Ander", spesifiseer:

_____

_____

16. Is u van mening dat die skool se skakeling met die openbare en private sektore leerlinge beter toerus om verantwoordbare beroepskeuses uit te oefen?

Ja | 1 | (19)
Nee | 2 |

Spesifiseer u antwoord:

_____

_____

17. Is u van mening dat skakeling met die openbare en private sektore die kwaliteit van beroepsvoorligting aan leerlinge verhoog?

Ja | 1 | (20)
Nee | 2 |

Spesifiseer u antwoord:

_____

_____

18. Is u bewus van die werksaamhede van die Komitee vir die Koördinering van Beroepsvoorligting en -leiding?

Ja | 1 | (21)
Nee | 2 |

19. Maak u gebruik van die Komitee vir die Koördinering van Beroepsinligting en -leiding?

Ja | 1 | (22)
Nee | 2 |

Indien "Ja", op watter wyse:

_____

_____

20. Indien u op vraag 19 "Nee" geantwoord het, verskaf die rede

(a) Die skool is nie bekend met die Komitee se werksaamhede nie | 1 | (23)
(b) Die Komitee se inligting is nie skoolgerig nie | 2 |
(c) Ander | 3 |

Indien "Ander", spesifiseer:

_____

_____

21. Is daar enige probleme wat u in verband met skakeling van die beroepsvoorligter met die openbare en private sektore wil noem?

_____

_____

_____

22. Is daar enige aanbevelings wat u in verband met skakeling van die beroepsvoorligter met die openbare en private sektore wil maak?

_____

_____

_____

BAIE DANKIE

BYLAAG B

149

T.O.D./T.E.D. 200

Verwysings No. 200 9 7 2
Reference

Navrae Dr. C.G. Coetzee
Enquiries

Tel. No. (012) 324-1660/-70

Alle mededelings moet gerig word aan die Direkteur van Onderwys.

All communications must be addressed to the Director of Education.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Privaatsak X76
Private Bag X76
PRETORIA
0001

Mnr. C.A. Smit
Van Alphenstraat 4
Baillie Park
POTCHEFSTROOM
2520

Geagte mnr. Smit

VRAELYS AAN BEROEPSVOORLIGTERS

U skrywe, gedateer 1987-04-27, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen toestemming aan u om die voorgelegde vraelys, soos gewysig, deur 50 % van alle beroepsvoorligters, aan blanke sekondêre skole in Transvaal, te laat invul.

Die goedkeuring is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- U moet self die samewerking van die betrokke skoolhoofde en beroepsvoorligtingonderwysers verkry sonder om hierdie brief as hefboom te gebruik.

- Die name van die skole, hoofde en onderwysers mag nie vermeld word nie.

- Na voltooiing van u verhandeling moet u asseblief die Departement van 'n kopie daarvan voorsien.

Sterkte met u studie.

Die uwe

Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS

LVZ/SvR
87-05-04

Posbus 2784
WITBANK
1035

15 Feb. 1988

Die Skoolhoof
Vir aandag: Die Beroepsvoorligter

Geagte Meneer

Die ingeslote vraelys het ten doel om beroepsvoorligters van Blanke sekondêre skole in Transvaal se mening oor skakeling van beroepsvoorligters met die openbare en private sektore in te win.

Skriftelike toestemming is van u Onderwysdepartement ontvang om genoemde saak in 'n aantal skole in die provinsie te ondersoek.

U naam of die van u skool word nêrens op die vraelys ingevul nie en alle inligting word dus as anoniem beskou. Wees verseker dat alle inligting streng vertroulik behandel sal word en dat 'n openhartige mening dus niemand enige skade sal berokken nie. Die kodenommer wat op die vraelys verskyn, dien slegs om navorser in staat te stel om terugsendings te kontroleer.

U hulp is onontbeerlik in die uitvoering van hierdie ondersoek en dit sal derhalwe waardeer word indien u hierdie vraelys aan die beroepsvoorligter(s) op u personeel sal oorhandig vir voltooiing. Let wel, indien meer as een beroepsvoorligter op u personeel, kan die vraelys vermeerder word.

'n Ernstige beroep wprd op u gedoen om prioriteit aan hierdie vraelys te verleen en asseblief toe te sien dat dit in voltooide vorm voor of op 4 Maart 1988 in die gefrankeerde koevert aan bogenoemde adres terug te stuur.

U begrip vir die belangrikheid van onderwysbeplanning word hoog waardeer.

ABIE SMIT

Tel: (01351) 95081/2

Posbus 2784
WITBANK
1035

12 April 1988

Die Skoolhoof
Vir aandag: Beroepsvoorligter

Meneer

Ek verwys na my skrywe gedateer 15 Februarie 1988 insake 'n vraelys wat ten doel het om beroepsvoorligters van Blanke sekondêre skole in Transvaal se mening oor skakeling van Beroepsvoorligters met die openbare en private sektore in te win.

Aangesien die vraelys se inligting onontbeerlik is in die uitvoering van hierdie ondersoek, sal dit derhalwe hoog waardeer word indien u sal toesien dat dit in voltooide vorm so spoedig moontlik in die gefrankeerde koevert aan bogenoemde adres versend word.

Indien die vraelys verlore geraak het, sal 'n volgende met graagte aan u verskaf word.

Ontvang hiermee my opregte dank indien die vraelys reeds versend is en ook vir al u moeite in hierdie verband.

U begrip vir die belangrikheid van my onderwysbeplanning word hoog waardeer.

ABIE SMIT